TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- POËSIE: S. J. du Toit, Ign. van Vuuren, M. Steyn van Rooyen, André Roux, Adriaan Snyman, Jan Coetzee, A. J. B. Rawlins.
- VERHAAL: Johann Lohmann.
- ARTIKELS: S. E. Smit, Z. J. Pretorius, C. W. Hudson, André Demedts, Abel Coetzee, Hertzog Venter, J. C. Meij.
- RESENSIES: Ernst van Heerden, André Demedts.
- BY DIE JONGERES: D. A. T.
- AFRIKAANSE SKRYWERSKRING: Jaarvergadering.

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

Redakteur: ABEL COETZEE

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe
H. A. Fagan
P. C. Schoonees
W. A. de Klerk
M. S. B. Kritzinger
B. Kok
P. J. Nienaber
B. Conradie
J. Kromhout
André Demedts

November 1960

Jaargang 10 Nommer 4

Intekengeld: 20/- per jaargang, posvry.

Let wel: a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.

b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_muq

Inhoud

Bladsy

DIT WAS MAAR SON SE LIG, e.a., S. J. du Toit 1

CHASMA: GEDAGTES OOR NIKS BY GELOFTEDAG, S. E. Smit 3

KAROO, e.a. GEDIGTE, Ignatius van Vuuren 13

NET VOOR DIE EIN . . . , Johann Lohmann 15

EGIPTIESE LEGENDE, e.a., M. Steyn van Rooyen 22

HERFS, DIE STROPER, Z. J. Pretorius 24

BALLADE VAN DIE STERWENDE KAT, e.a., André Roux 31

SIKLUS, Adriaan Snyman 33

EEN JAAR NEDERLANDSE LETTEREN, André Demedts 35

FLAMINK, e.a. GEDIGTE, Jan Coetzee 45

STEM VAN DIE GEWETE IN DIE AFRIKAANSE ROMAN-KUNS, Abel Coetzee 47

BY DIE HERDRUK VAN „AGTER MY 'N ALBATROS," Hertzog Venter 57

PROE-PROE AAN „KLIPWERK," J. C. Meij 60

GEDAGTES VAN DIE ALLEENLOPER, e.a., A. J. B. Rawlins 64

V.P., Soul Erasmus Smit 67

BY DIE JONGERES: D.A.T. 71

OOR BOEKE: Ernst van Heerden, André Demedts, S.E.S. 72

BOEKE ONTVANG 74

AFRIKAANSE SKRYWERSKRING: JAARVERGADERING 75

S. J. DU TOIT

DIT WAS MAAR SON SE LIG

Dit was maar son se lig, toe net soos nou,
Die dag se alledaagsheid, en, ek weet,
Die helderheid 'n helder, gou vergeet;
Dit was maar lig se lig, die lig oor jou.

Die nag se sterre was geen sterrereën,
Die vaalbosvuur, 'n vuurtjie teen die kou,
En jy en ek en hulle . . . Ag, ek wou
Dat ek dit klein kon sien, soos iedereen.

Maar om jou buig die dag 'n raam van goud,
En vlam en sterre kring tot oureool,
Waar niks in jonger word en niks ooit oud,
En waarheidskyn nooit wegsterf tot simbool.

Ai my, dat ek moet lewe onder ban
Van wat nooit was en van wat nimmer kan!

'N BLOUVAAL HUISMURASIE

'n Blouvaal huismurasie op die pankant daar,
En dan die verte tot waar ek is nou;
As'k nou vandag kon wees by daardie bou,
My dag sou wees 'n dag van honderd jaar.

Ek sou my hede ingeskuif hê dan
In daardie ver verlede wat ek erf,
En niks sou ek meer in die lewe derf,
Want nou sou toe en toe sou nou wees dan.

Ek sou dan ken vir wie ek nooit kon ken,
Ek sou by vriend en ouers weer kon staan;
'n Dag sou ons s'n wees wat nooit vergaan,
Want môre sou geen wins op gister wen.

Die son sou altyd hang, 'n stille lamp
Bo mensevreugde en oor menseramp.

MAAR NET EEN JAAR

Maar net een jaar, nog een jaar, laat my sien . . .
Slegs vier-en-twintig was jou lewenspan
Hier bo die koue klippe; ek wou ek kan
Trug wees by julle een minuut . . . een . . . tien.
Sou ons dan stilswyg, of soos in 'n glas,
'n Klein likeurglas, tap die dure wyn
Van woord op woorde uit ons jeug verfyn,
Wetend hoe ieder tik ons klein parool aflas?

Nee, ons sou stilsit en geen woordklank vind,
Jy jonk nog en jy toe reeds grys, en ek
Hier waar die son sy aandskyn om my trek,
Ons sou geen taal hê wat ons weer kan bind,
En lank en leeg sou die sekondes rek,
Tot net weer grys herinnering om ons sterk.

S. E. SMIT:

Chasma: Gedagtes oor Niks by Geloftedag

Geloftedag is die gunstigste dag om te praat oor NIKS. Nie die gewone niks in die sin van ydele geklets of praatjies vir die vaak nie, maar die bodemlose niks, dié niks waaroor ons vir ons geen denkbeeld kan vorm nie, dié niks waarvoor die ou Grieke 'n naam geskep het: CHASMA — 'n gapende afgrond voor jou voete, 'n afgrond waarvan jy die wydte en die diepte nie kan oorskou of pyl nie.

Ons gaan terug na daardie lotsdag in 1838, toe 'n klein handjievol mense te staan gekom het voor die aanstorming van duisende dansende stryders wat die aarde laat dril het met die dreiging van hulle voetslag.

Hierdie handjievol mense het ineens aangevoel dat daar net twee moontlikhede was: òf hulle tree as oorwinnaars uit die botsing, òf hulle word verslaan.

Om verslaan te word, sou meer beteken as net die verloor van 'n slagveld. Hierdie handjievol mense het in hulle harte gevoel dat dit 'n lotsdag is in hulle lewe, 'n dag waarop groot dinge beslis sou word, nie net maar wie die oorwinnaars sou wees in hierdie dag se botsing nie, maar die hele verloop van die geskiedenis van 'n land en 'n volk sou beslis word. Daarom praat ons van 'n lotsdag. So 'n lotsdag het, byna ongemerk, plaasgevind in 1656, toe Jan van Riebeeck, in opdrag uit Nederland, 'n handjievol manne en vroue losgelaat het uit die diens van die Kompanjie, om frank en vry, vir eie verantwoordelikheid en eie voordeel die grond van Suid-Afrika te betrek en te bewerk as vryburgers, hulle en hulle kinders en hulle kindskinders tot in die verste nageslagte. Dit was hierdie klompie mense se voorbestemde lot om vry te wees in Afrika, vry van die bande van 'n wankelende samelewing wat nog geknel was deur die waardelooswording van ou, middeleeuse lewensvorms, vry om van nuuts af te begin bou aan 'n samelewing waarvan húlle die waardes sou vasstel en uitleef in 'n nuwe land, onbelemmer deur die laste van eeue wat soos dooie gewigte gelê het op die gees van mense. Kultuurwaardes wat sterf, wat uitgedien is en waardeloos geword het, en wat nie op gesette tye vernuwe word om aan te pas by die vereistes van die tyd nie, kleef aan die mens soos 'n siekte wat sy liggaamskragte uitmergel, dit bind sy geeskrag soos 'n gevangene wat jy wegsluit in 'n donker kluis,

dit hang aan jou soos 'n kleed wat verslyt het tot vodde en nie meer sy taak vervul om jou liggaam te dek en te beskerm teen wind en weer nie. As ons praat van vryburgers, bedoel ons derhalwe veel meer as net burgers wat vrygelaat is uit die besoldiging van die Kompanjie.

Ook hulle gees is vrygelaat uit alles wat vervalle en verweer was in die lande van hulle herkoms, vrygelaat uit erger as slawerny soms, vrygelaat uit opgelegde diensbaarheid, vrygelaat om as waardige skepsels van die Here skeppend om te gaan met die aarde en 'n nuwe menswaardige toestand daaruit op te bou. Die groepie het aangegroei, meer geword in getalle, aangewas in geeskrag, sterker geword in selfvertroue. Dis hulle wat later in opstand kom teen die pogings van W. A. van der Stel om die nuutgegunde vryheid in te kort, dis hulle wat later die verdrukkende Kompanjie en sy amptenare verwerp het, dis hulle wat die onreg van Lord Charles Somerset nie wou duld nie, dis hulle wat hier in Suid-Afrika gevoel het hoe 'n nuwe volk uit hulle gebore is met 'n eie taal, 'n eie aard, met eie sedes en gewoontes en maatskaplike instellings. En dis hulle wat uiteindelik, getart, gepers, veronreg en uitgelewer aan willekeur en wanbegrip, besluit het om weg te trek uit hulle landpale en elders van nuuts af te begin aan die bou van 'n land, 'n volk, 'n staat soos húlle dit wou hê, frank en vry, slegs onderhorig aan eie gesag, onderworpe slegs aan die wil van God en groeiende in Sy Lig.

Al hierdie dinge het gelê in die harte van die klompie Voortrekkers wat te staan gekom het voor die grootste sametrekking van stryders uit Donker Afrika wat die blankes tot op daardie tydstip nog geken het. Dit het in hulle harte gelê en dit het gebrand soos 'n skeurende pyn om te dink dat dit alles, met een swaai van die assegaai, van die aardbol af moet verdwyn, die geestelike groei van bykans twee eeue, die nuwe beskawing, die nuwe vryhede wat die Europese mens hier vir hom deur genade geskep het, die vreugde en leed van tweehonderd jaar, die lewe van hulle self, hulle vrouens, kinders, geliefdes. Om hierdie slag te verloor sou beteken om te verdwyn in die niet. Daar sou net oorbly verbleekte geraamtes van gevalle stryders, maar verder niks, grondeloos niks. 'n Volk sou verdwyn, uitgewis word sodat dit agterna sou lyk asof daar voorheen tog niks was nie.

Hulle het gestaan met die wete swaar in hulle harte dat hulle bedreig word met smadelike uitdelging.

Dit was die uur van hulle hoogste nood, waarby die ou pyn van die afskeid uit die Kolonie verdwerg tot 'n vae

herinnering asof dit baie ver uit die verlede kom. In hulle nood het hulle gekyk na wat tussen hulle en uitdelging staan. En hulle het gevind twee dinge: hulle eie wil om nie te sterf nie, en hulle Skepper wat hulle tot aanskyn geroep het. Sonder hulle Skeppers sou hulle eie wil heel weinig baat.

Met hierdie gevoel van 'n dreigende totale ondergang, waarteen hulle grondig in verset was, maar wetende dat hulle uit hulle self alleen niks kon vermag nie, het die handjievol Trekkers deemoedig voor hulle Skepper getree en plegtig onderneem: as ons hierdie slag mog oorleef, mog voortbestaan uit U guns, Here, sal ons en ons nageslag tot aan die einde van dae hierdie dag elke jaar opnuut in dankbare herinnering terugroep. Let op, dis nie 'n Sabbatdag wat die Here afsonder vir Sy verering nie, maar dis mense wat vrywillig onderneem om dié dag met 'n spesiale doel af te sonder, naamlik om met dankbaarheid terug te dink daaraan dat die groei, die voortbestaan van 'n volk op wonderbaarlike wyse uitgered was. Daarom: „die Dag van Gelofte!"

Hierdie mense het niks meer gehad om aan te bied nie. Dit was hulle lotsuur. Kaalgestroop van alle verwagting om nog verder te leef, kaalgestroop van alle planne vir die toekoms, letterlik met net hulle eie wil in hulle hande, het hulle voor die Here verskyn en gesê: Ons sal dankbaar aan U uitredding dink tot in die lengte van dae, ons en ons verste nageslagte.

Die mens wat hom bevind in 'n toestand waar die niks, die chasma, soos 'n gapende afgrond wat bodemloos is verskyn voor sy voete, wat buitekant die hulp staan van ander mense, hierdie mens besef meteens dat al die dinge wat deur die mens gemaak of ingestel word, geen waarde het nie. Hy besef dat plase, veetroppe, groot skatte, aansien, die hele ding wat ons lewe noem, waardeloos is, geen betekenis het as dit nie betekenis het in die Skepper van alle lewe nie. Dit is alles soos saagsels in die mond: smakeloos, souteloos en walglik.

Vandaar die uiterste nederigheid van hierdie bedreigdes. In die oomblik van hulle hoogste nood het die doppe van hulle oë afgeval en hulle het die volslae waardeloosheid van die mens, die nietigheid van alles wat hom aankleef, met 'n helderheid van gees deurskou soos slegs gevind word by diegenes wat staan voor die poort van volledige ondergang. Hulle het toe nie rykdomme, plase, vee, offerandes, 'n land aan die Here beloof nie, ook nie eers hulle self nie, want hulle het grondig besef dat alles van die Here is en

dat Hy dit kon opeis soos en wanneer Hy wou.

Maar hulle belowe aan die Here die enigste ding waaroor ons as skepsels vryelik beskik: die wil tot dankbare herinnering. Met hierdie gelofte, die nietige inhoud daarvan, het hulle vorm gegee aan hulle besef van volslae betekenisloosheid, hulle besef van hoe magteloos hulle staan teenoor die dreigende oormag. Hulle het meteens besef: as ons hierdie dag verloor, bly daar tog in elk geval niks oor nie. Al wat in daardie oomblik bestendig was, was hulle wil tot dankbaarheid en dit het hulle toe aan die Here verpand, vir hulle en hulle nageslag.

Daar is 'n tweede aspek wat ewe belangrik is, 'n aspek wat ons in ons tyd maar te dikwels vergeet. Miskien kan ons dit die beste soos volg stel: Die Trekkers het daar, 'n 100 jaar gelede, nie net gesmeek — Here red! — en toe met gevoude hande gaan sit nie. Nee, nadat hulle gebid, godsdiens gehou en hulle plegtige belofte gemaak het, het hulle hulle hoede op hulle koppe vasgedruk, hulle gewere ferm in die hand geneem, en moedig die vyand tegemoet gegaan. Hulle het voorbereidings getref, laer getrek op die geskikste plek, die openings tussen die waens toegeslaan met takke, geweers en ammunisie in gereedheid gestel, en hulle het krygsraad gehou om vooraf die strydplanne te beraam — wat om te doen as die vyand aanval, wat om te doen as die vyand terugval, en aan elke manskap is sy taak toegesê tydens die slag.

Maar let op, sover bekend het hulle nooit beraadslaag oor wat moet gebeur as die vyand sou deurbreek nie. Elkeen van hulle was bewus van wat dit sou beteken indien die vyand sou deurbreek: dit kon net beteken totale ondergang. En daarom was dit onnodig om daaroor te beraadslaag en kosbare tyd te verspil. Op positiewe wyse het hulle aan die voorberei gebly, vasbeslote om die eie persoon sonder enige voorbehoud in die stryd te werp. Alles sou geverg word van elkeen van hulle, selfs hulle lewens. Oor sake wat vasstaan, word nie geredekawel nie; om dit te doen sou wees praatjies vir die vaak — ydel en nutteloos.

Ons herhaal: hulle het nie gesê — Here red! — en toe daarmee volstaan nie, maar hulle het aan die werk gespring en elkeen het gedoen wat sy hand kon vind om te doen om die gesogte redding te help bewerkstellig. Hulle het nie gesmeek — Here red! — en toe sit en wag dat 'n wonderwerk moet gebeur nie. Hulle het self hande uitgesteek in die vaste geloof dat die Here hulle in hulle poging sou bystaan. Hulle het geglo en gewerk. Met hierdie optrede het hulle nie net hulle nugtere en praktiese lewenshouding

openbaar nie, maar eerder nog die onwrikbaarheid van hulle geloof, die onverwoesbaarheid van hulle vertroue dat hulle saak reg en goed was in die oë van die Here en dat hulle daarom met volle vertroue op Sy bystand kon bou. Laat ons vir geen oomblik daaraan twyfel dat die Here almagtig is en op Sy hoogs eie manier 'n volk kan red of verdelg sonder hulle tussenkoms nie. Maar waarom sal ons die dwaasheid begaan en van die tempeltoring afspring en dan sê: Here red? Die mens het 'n eie vrye wil, en as hy nie sélf wil werk om sy redding nie, waarom moet die Here dan telkens ingryp met 'n wonderwerk?

Ons ontleding van die geestelike inhoud van daardie lotsdag, meer as 'n eeu gelede, bring ons dan tot die slotsom dat ons voorvaders, die Trekkers, volkome bewus was van hulle eie nietigheid teenoor die oormag, bewus was daarvan dat hulle uit eie inspanning alleen nie kon bly staan nie, bewus daarvan dat hulle niks kon aanbied as teenprestasie aan ons Here as net blywende dankbaarheid nie. Tewens was hulle oortuig van die regverdigheid van hulle saak, en daarby het hulle onwrikbaar, maar rustig geglo dat hulle bystand van Bo sou ontvang en dat hulle eie inspanning deur die Hemelse Vader gesteun sou word.

Om dit anders, beknopter en kragtiger te stel: hulle het geglo in hulle God, in hulle saak, en in hulle self. Hulle was gereed om te sterf as dit moet, maar tewens bereid om hulle self te verdedig tot die uiterste grense van hulle bestaan. Dit kom alles neer op geeskrag en geloof, die besef dat die mens wat rigting wil gee aan die toekoms, kragdadig moet aangryp of anders toesien dat die tyd ongeag aan hom verbygaan.

Dan kom die derde aspek van die hele aangeleentheid na vore, die vraag: watter waarde, watter betekenis het dit alles vir ons, nakomelinge van die Trekkers? Watter pligte rus daar op ons? Hoe moet ons ons kwyt van die taak wat ons voorsate deur hulle gelofte op ons gelê het?

Die heel eenvoudigste en maklikste sou wees om te sê: die voorgeslag het geen reg om die nageslag te gaan bind met allerlei beloftes nie, ons verwerp alles daarvan, want hoe kon die Trekkers weet hoe hulle nageslag oor die saak sou voel? Dit sou die maklikste weg wees, want 'n man sonder verlede gaan ongebonde die toekoms in, sonder verpligtings, sonder wortels.

Maar is dit nou moontlik om jou verlede te ontken? Immers, dis net 'n spook wat geen skaduwee het nie. Die mens is onlosmaaklik gebonde aan die tyd, hy is onverbid-

delik iemand wat verskyn uit die verlede in die huidige oomblik in en oor die huidige die toekoms in gaan. Laat ons nog 'n mens kan kry wat met sy ganse verstand probeer om hom los te maak van sy verlede, dan bly hy nog in sy diepste wese 'n kind van sy vader en sy moeder, hy bly uit die feit van sy geboorte 'n kind van die tyd, 'n gevangene in die kringloop verlede-hede-toekoms. Hoe ons ookal spartel, die feit van ons geboorte en ons verlede kan ons nie ontsnap nie, nie die gevolge daarvan nie, nie die goeie daarvan nie, nie die kwaaie daarvan nie, nie die voorregte daarvan nie, en minste van al die verpligtinge daarvan. Seer sekerlik kan jy die foute daarvan leer insien en dit deur voorbedagte optrede probeer vermy of temper, maar daaraan ontkom is net nie moontlik nie.

Daardie gelofte van meer as 100 jaar gelede is onontkombaar. Sedertdien het die Groot Trek tot rus gekom en deel geword van ons volksgeskiedenis. Twee vryheidsoorloë het uitgewoed tot die bitterste einde. 'n Rebellie en twee wêreldoorloë het die vergetelheid ingeskuif. Republieke is gestig en het ondergegaan. Kolonies het hulle aanhanklikheid ontgroei. Unie het tot stand gekom en word waarskynlik in die voorsienbare toekoms deur 'n republiek vervang. Al hierdie geweldige dinge het oor ons heen gestroom, en deur genade het ons staande gebly.

Dit onthef ons egter nie van die gelofte nie. Die gelofte stel bepaalde eise aan ons: om staande te bly deur te glo in ons Here en te glo in ons self en te glo in die regverdigheid van ons saak. Mens sê dit alles so maklik, so sonder inspanning, so ongeërg.

Ja, ons glo in ons Here. Ons het altyd in die Here geglo, net soos ons ouers en ons voorouers tot in die verste verlede. Dis so vanselfsprekend: ons berus in die godsgeloof van ons voorouers. Juis hier lê die knoop: Ons voorouers kan nie vir ons glo nie. Geen mens kan vir ons glo nie. Dis iets wat elkeen van ons self moet doen. Ons voorouers se geloof wys wel vir ons die weg, maar hulle geloof bind net hulle self, het net vir elkeen van hulle self waarde. Dinge van die gees, soos ons geloof, ons kultuur, is nie iets wat stilstand ken nie, want stilstand hier tref ons net aan in die kerkhof, wanneer die dood ingetree het.

Is dit dan wonderlik om te weet dat ons nie meer op dieselfde manier durf glo as ons voorouers nie? Al wat nie verander het in hierdie verbysterende geskiedenis van wording en verwording nie is ons God self. Hy is enig, ewig, onveranderlik, maar elke geslag mense het ander dinge om deur te worstel voordat hulle hulle godsgeloof

met vrug en krag kan opneem. Neem maar enkele aspekte. Ons eie onmiddellike voorouers, die geslag van 1880 nog, het geglo dat die aarde gevestig is op sy pilare. Ons self weet al lankal dat daar nooit sulke pilare was nie, ons het uitgevind dat die aarde draai, ons weet dat ons omring word deur 'n ruimte wat eindeloos is al kan ons geen denkbeeld vorm van iets wat geen grense het nie. Hoeveel eenvoudiger moes dit vir ons voorouers gewees het om 'n denkbeeld te vorm van die Here en in Hom te glo! Hoeveel moeiliker is dit vir ons, en ons kinders, en hulle kinders na hulle om deur te dring tot 'n godsbeeld en geloof. Moeiliker is dit seker, eindeloos moeiliker, maar die beloning is ook groter, want met ons groter insig in die aard en orde van die skepping, hoe groter word die wonder daarvan nie vir ons nie, en hoe dieper word ons bewondering vir en ons geloof in 'n Skepper wat dit alles kon skep uit niks! Maar, hierdie geloof kom nie vanself nie en dit bly nie sommer staande uit hom self nie. Die mens moet hom inspan, hy moet al die onomstootlike ontdekkings met sy eie gees omvat, dit verrykend in hom opneem en uiteindelik te voorskyn tree met 'n godsgeloof wat in 'n stygende graad gegrondves is in eerbied en bewondering en vreugde dat die ganse skepping voortgevloei het uit dieselfde Skepper wat ook ons gemaak het en wat op Sy gesette tyd openbaar sal maak wat Sy bedoeling en voorneme is met ons.

Vir enigeen van ons om dit te durf waag om, te midde van die ontsaglike ontdekkings van ons eie tyd: die atoom en die losmaking van die krag wat in hom woon, die nuwe ruimte en die ruimtevaart, nie te aanvaar nie, nie te probeer begryp nie, is nie net verstol in sy geloof nie, maar hy stel hom bowendien bloot aan 'n verval in die uiterste ongeloof wat uiteindelik uitloop op die ontkenning van God self. Want, in alles van die mens kan daar nooit stilstand wees nie. Daar is slegs vooruitgang of agteruitgang. Die mens wat hom nie inspan om tred te hou met die kennis van sy tyd nie, is reeds aan ondergang blootgestel wat groter is as die ondergang waaraan die Voortrekkers blootgestel was by Bloedrivier. Die Belofte van Bloedrivier lê op elkeen van ons die plig om geestelike ondergang, die verval in ongeloof te vermy deur tred te hou met ons tyd. Die bedoeling is nie dat mens maar sommer alles van jou tyd moet opeet vir soetkoek nie, maar dat jy dit krities begrypend met jou verstand en met jou hart moet benader en verrykend in jou opneem. Jy moet dit verstaan en geestelik verteer, en aanpas by jou verlede, jy moet dit keur in die lig van jou geskiedenis.

Ons kan nie almal navorsers wees van wêreldfaam nie, maar ons kan almal minstens probeer verstaan wat om ons omgaan, nie net in die wetenskp nie maar ook in die samelewing. Dit kan die geringstes onder ons doen deur dié boeke en tydskrifte naarstig te bestudeer wat vir ons groep in bevatlike taal beskikbaar gestel word. Dié boeke waarin ernstige kunstenaars vorm probeer gee aan hulle lewensgevoel, dié boeke en tydskrifte waarin geleerdes in eenvoudige taal vertel van die gewone en die groot dinge van die lewe, van die heelal, van die Skepper. Sulke boeke en tydskrifte bestaan daar wel, binne die bereik van almal, en daarom is dit billik dat elkeen van ons aan hom self die vraag stel: Lees ek sinryk en vormend? Ken ek die gedagtes van die kunstenaars van my volk? Weet ek wat ons geleerdes doen en dink? En elkeen van ons, in die mate waarin ons skuldig is aan versuim voor ons eie gewete, is ook skuldig daaraan dat ons ons vrugteloos probeer losmaak van ons verlede, dat ons besig is om te verstol en bedreig te word met ondergang, dat ons die Gelofte van Bloedrivier nie nagekom het nie.

Laat ons duidelik besef, elkeen van ons: Ons almal word vandag uit alle hoeke en oorde, gedurende elke oomblik van die dag, groter bedreig met 'n grondiger vernietiging as waardeur die Voortrekkers bedreig was. Dit het vandag met ons sover gevorder dat ons in 'n wêreld leef van propaganda: propaganda vir handelswares, propaganda vir staatstelsels, propaganda vir politieke partye, propaganda vir godsdiensstelsels, propaganda vir wetenskaplike teorieë, propaganda vir geloof en propaganda vir ongeloof. Propaganda bestaan daarin dat jy die feite wat vir jou standpunt gunstig is, bevoordeel, òf deur die betekenis daarvan te oordryf, òf deur dit sinneloos aanhoudend te herhaal, òf deur die argumente daarteen te verdoesel, òf deur behendig te suggureer dat iemand wat anders glo, niks meer is as 'n bobbejaan op 'n paal nie. Jy vertel nooit leuens nie, maar jy is altyd besig met halwe waarhede en verdraaiings, en dit is van al die halwe waarhede dat ons wêreld se kop vandag draai. In die moderne stortvloed van halwe waarhede moet die swakkelinge van gees, die onkundiges, ondergaan as drenkelinge. Daar is net één middel teen hierdie soort gebeurtenisse: 'n rustige kalm betragting van die volle waarheid. Maar die volle waarheid bekom mens slegs deur volgehoue inspanning. Die middel teen die bedreiging van ons tyd is verdieping van gees, 'n ernstige poging van elkeen van ons om na die beste van ons vermoë ons kennis en deursig van sake te verdiep en te verfyn, sodat ons oordeel

geskerp kan word. Die gevaar van ons tyd is dat ons ons eie oordeel verloor, dat ons op koerante en propaganda vertrou om ons opinie vir ons te vorm. Ons word daardeur willoos pap, sonder oordeel soos skape, en dan verwag ons dat die minister maar moet sorg dat die saak in orde kom. 'n Mens sonder oordeel is soos 'n persoon sonder smaak en reuk met die gevolg dat hy gevaarlike gifstowwe inkry saam met sy kos. Elke keer dat ons ons radio aanskakel, ons koerant oopvou, word ons blootgestel aan hierdie soort stof, soms bewus, soms met opset, soms onbewus. Tussen alles wat ons sien en hoor sal die waarheid wel te vinde wees, maar niemand gaan dit vir ons maklik maak om die waarheid te vind nie. Ons is self daarvoor verantwoordelik om daarvoor te sorg dat ons die vermoë het om te onderskei tussen waarheid, halwe waarheid en kaalkop leuens.

En nou, ten slotte: aan die begin is daarop gewys dat alles wat kom uit die gees van die mens voortdurend vernuwe moet word. Daarop is gewys dat ou kultuurwaardes wat hulle sin verloor het en nie vernuwe was nie, 'n las word op die gees van die mens.

Wat in ons tyd so intensief aan die gang is, is 'n hertoetsing van ou waardes met die doel om weg te laat wat waardeloos geword het in die lig van nuwe kennis. Hierdie toetsing raak ons ganse kultuur, elke bestanddeel daarvan. Dit word in ons tyd ernstig gevra of ons nog aan 'n Skepper moet glo. Dit word gevra of kuisheid betekenis het, of huwelikstrou nie net maar 'n instelling is van swakkelinge nie, of dit selfs nog nodig is om die instelling van die huwelik te handhaaf. Dit word gevra waar die verskil lê tussen sonde en die goeie, en daar word gevra of ons nie alles vergewe as ons alles weet nie. Het sedelike instellings nog langer betekenis of nut? Waarom gaan ons kerk toe en streef die goeie na as daar anderkant die graf tog niks is nie? Is dit nie veel beter om lekker te leef, sonder bande van kultuur en sedelikheid en godsdiens, soos die diere van die veld en dan te sterf soos die diere van die veld nie? Hierdie dinge word met erns en mening gevra in ons tyd, en dit skok 'n mens van die ou soort tot in jou siel om sulke brutale vrae te moet aanhoor. Deur dié vraers te verfoei, lê jy hulle nog nie die swye op nie. Jy kan hulle slegs laat swyg deur self die waardes waaraan hulle twyfel, sinryk en betekenisvol vir jou eie lewe in te bou en uit te leef.

Dit is die gapende afgrond, die chasma, wat oopgegaan het voor die voete van die geslag waaraan ons behoort. Dit is die grootste aanstorming op die geordende voortbestaan van die mens waarvan ons weet. En in hierdie skrikwek-

kende bedreiging waarin alle ou kultuurwaardes dreig om onder te gaan, moet ons ook soos ons voorouers destyds, sê Here red! Maar soos ons voorouers ook, moet ons nie daarmee volstaan nie. Laat elkeen van ons tot die beste van ons vermoëns en geeskrag die stryd aanknoop, nie met die geweer nie, maar met die gees.

Laat ons moedig en blymoedig, getroos in die lewe tree, laat ons hardnekkig weier om ons geloof in die regverdigheid van ons saak prys te gee, laat ons hardnekkig en verbete weier om ons geloof in ons self te laat vernietig, laat ons met die grootste oortuiging en onverwoesbaar bly glo aan 'n goeie God. Laat ons die Gelofte van Bloedrivier elke dag van ons bestaan uitleef — dis die enigste weg om staande te bly. Dié uitdaging word deur ons týd gerig tot elkeen van ons.

IGNATIUS VAN VUUREN:

KAROO

Lustig woekerwaai die wind,
pluk-pluk aan die klossies
wol vasgevang in die droë bossies,
woerts deur die nou poort
by Platberg en skarrel voort
tot onder in die biesies by die vlei.

Wit-bruin spikkel die springboktrop
teen die verste hang van Kranskop;
hul snuif die lug en jong bokkies
pronk komieklik witrug
in die laat namiddagson.

Spoedig sak die son
agter Krokop se maanhaarrant
en sprei sy roosrooi waaier
tot in die verste niet
van hierdie oerou hartsgebied!

NASOMER

Wanneer die nuwe dag
se lig nou yl en sku
oor die bulte spoel,
aanskou ek as opnuut
dié ou-ou wonder . . .
En die slaap wat nog
swaar in my al my lede lê
vervloei in dadedrang.

Vir laas nog bemerk 'k
die polsing van die krag
tot dit stil wegbrand
in die dae wat ons winter noem . . .
Tog bring dit nie die dood;
diep onder skuil die herontwaak!

POTGIETERSRUS

Die eng kring
wat die oog beperk,
en tog ook in 'n flits
die onmeetlikheid bestryk,
fries nou my blik
op één klein kol:

gebaai in oggendson
lê 'n landskap
geketting met skakels van kleur:
ryk rooi aarde, maroela, kameeldoring,
wildevy se groen;
plek-plek poinsettia se parmantige rooi;
en ver, anderkant Waterberg se muur,
die lug se bleek asuur . . .

EENLING

Die milde lentelug streel my wange,
waai teen my slape aan,
maar in my stroom die bange
wete: alleen sál en moét jy gaan . . .

Moeg is ek en sat
van al die yd'le waan —
die droë, prosaïese bestaan;
elk van ons 'n rat

in die groot masjien
van die tyd.
Eendag, miskien,
sal iemand sê:

Hy't tog sy weg gebaan
waar enk'les selde gaan . . .

NAG IN DIE KAROO

Sag en stil vloei
die skemer toe, sonder klag,
en vir laas nog roei
die loom luggie sag
deur die slanke gras.
So kwyn die laaste lig
waar pas nog lewe was.
Die nag't donker en dig
oor berg en bos gedaal.
Stil in die duister
troon 'n dunsteel garingpaal —
'n ganse heelal luister —
dìs die wonderuur waar
woorde weinig kennis baar . . .

JOHANN LOHMANN:

Net voor die Ein . . .

Die gees van die mens is 'n elektriese baan: wanneer die lading te hoog word en alles dreig om daardeur in vlamme te slaan, breek iets, en in die duisternis wat volg, kom kalmte en besinning.

Ons wag in die bioskoop.

Terwyl die gehoor besig is om hulle sit te kry, word die voorhangsel van die verhoog uit die projeksiekamer bestraal met 'n spreilig wat geleidelik verander van rooi na geel, na groen, na pers, na strooigeel, na blou in 'n eindelose sirkelgang waarvan die eenselwige herhaling skynbaar 'n salwende werking het op die gemoed van die gehoor wat in gesellige afwagting lekkergoeddose in gereedheid bring vir die lang kou wat voorlê, deur die selofaan windsels oop te skeur en op te frommel in die asbakkies waar dit nog lank daarna onrustig lê en kraak onderwyl nakomelinge grootdoenerig voor hulle sitplekke bly staan en rondkyk asof om te sorg dat hulle aanwesigheid waargeneem word. Met dat jy langer met die soort ydelheid saamleef, word dit al meer aanstootlik. Die wysgeer het gesê: om opgang te maak in die samelewing, moet jy leer om die dwase uit te ken en hulle te ag . . .

Die ligte word geleidelik gedoof, die voorhangsel styg stadig omhoog, die swaar fluweel gordyn skuif geruisloos oop wyl die kleurwisseling aan die gang bly tot op die laaste nippertjie. Dan meteens 'n vloedgolf van klank deur die skemerte oor die see van koppe heen en die voorprogram is vol aan die gang.

Eers die advertensies.

Tog goed bekyk van die bioskoopbase dat hulle die gehoor laat betaal om na advertensies te kyk waarvoor die adverteerders betaal dat dit vertoon moet word aan die gehoor — 'n dubbele inkomste terwyl die gehoor dit verdra onder die indruk dat daarmee aan hulle 'n guns en 'n diens bewys word! Dis nou maar die mens — al is sy liggaam ook nie bedek met wol nie.

Dan eers die nuusfilm, met dieselfde ou afgesaagde inleidende gedeelte van drie polisieruiters wat met gevelde sabels jaag en na houtpenne steek; twee steek altyd raak, en die derde, naaste aan die gehoor, steek altyd mis. Sal dit nie vir jou 'n konsternasie wees as die derde een ook skielik eendag gaan raak steek nie — as dit ooit raak gesien sal word!

Enkele vertraagdes daag nog in die gangetjies op, die liggies van plekaanwysers flits aan en af onderwyl van die sittendes verveeld opstaan om deurgang te verleen. Dat daar alewig swape is wat reken dis belangrik om laat op te daag.

Eindelik is almal tog reg geskud en die reisfilm word vertoon sonder onderbreking, gevolg deur 'n flou poging om met handgeklap waardering te betuig — soos verdwaalde klappers wat in die wegdeinende skemer in die nanag van 'n feesdag ontplof en dan verstom. 'n Hipnotiese stilte sak op die geboë hoofde neer, asof daar maar 'n heel dun skeiding is tussen die toestand van verveeld wakker wees en rustig sluimer. Die prentverhaal met sy masjinale karakters en rukkerige bewegings bring effens verligting, dan weer 'n advertensiefilm oor die hooffilm van aanstaande week. Meteens is dit áf: die ligte word aangeskakel, op die wye silwerdoek verskyn 'n stilbeeld wat 'n verposing van net vyf minute aankondig, asook die feit dat allerlei versnaperinge in die voorportaal te koop aangebied word. Luidrugtige marsmusiek op plate wek die gehoor uit hulle ligte verdwasing, en een-vir-een strompel die mans omhoog soos goed gedresseerde diere, vleg oor die rye bene tussen die banke, beur moeisaam deur die gedrang na die deure. Dié manne het so pas maar hulle sit gekry en tot rus gekom, en nou begin die hele spulletjie weer van voor af aan. Rus bring ook die geldmaak tot stilstand. En waarvoor sal mens soveel koppe bymekaar bring as jy nie nog 'n slaggie ekstra geldjies kan verdien uit hulle swakhede nie? Om geslaagde sakeman te wees, moet jy uitgeslape wakker wees, en elke geleentheid onbeskaam aangryp en uitnut. Wat se gesittery is dit so aaneen of jy met 'n godsdienstige ritueel besig is . . .

Na enkele minute slenter die mans weer terug na hulle plekke waar gades of ander gesellinne op die snoepgoed sit en wag. Dis nou eenmaal waar van die stadsmens: volslae kuddedier wat handel volgens gewoonte wat so bindend werk soos 'n voorskrif. Diegenes wat weet, lê hulle hierop toe. Daarom is hy so sonder erbarming oorgelewer aan die handelaars wat elke gewoontetjie en behoeftetjie bestudeer en behendig daarvolgens optree. Die gewone stadsmens loop hom telkens onontkombaar vas in die strikke wat vir hom gespan is. So bly die gemiddelde stadsmens sy lewe lank swoeg aan maandelikse paaiemente. As hy nie meedoen aan die stelsel van paaiemente nie, is hy vir die stadsgemeenskap 'n dooie verlies en niemand sal sy dood as verlies aanvoel nie. As hy baie gelukkig is, betaal

hy sy laaste paaiement die maand vóór hy sterf. Ja, so gebind is hy aan die stelsel, wat hom vasvang soos 'n verdowingsmiddel, dat hy selfs vooruit in paaiemente sy eie begrafnis afbetaal. Met 'n tikkie persoonlikheid, vryheidsin, sou hy sê: Na die peet met begrafnispaaiemente! Ek is vry om te sterf as ek wil, en as julle my nie begrawe nie, dan stink ek!

Helaas, so dink ons net in oomblikke van verbittering en verydeling om die gelykmaking wat ons ondergaan onder die werking van die verenigde kragte van die stad — in oomblikke waarin ons gedagte net effens vrygelaat word deur die stroom aanswewende doelgerigte indrukke om ons siel aan bande te doktrineer. Stilte is dodelik vir die gees van die stad.

Intussen het die kleurewisseling op die neergelate voorhangsel weer sy eindelose gang ongemerk hervat. Daar lui die waarskuwing, die ligte word verdoof, die behangsels skuif weg voor die skerm en die vertoning van die hooffilm begin. Die titel is niksseggend, die lang lyste name van akteurs, regisseurs, kostumeurs, soefleurs en die derduisende tegnici wat vooraf vertoon word, dring vaagweg deur as soveel persone wat 'n bestaan voer deur hierdie soort dinge saam te stel as deel van die stelsel wat ons die stad noem. As die lyste name àf is, en die eerste reeks tonele van die eintlike verhaal val op die doek, word dit duidelik dat die ou-ou beproefde reseppie weer ingespan word: 'n man en 'n vrou het lankal gelede getrou, het kinders, het eers in mekaar sin en smaak, en het naderhand niks meer vir mekaar as renons nie. Dan sien die man sy sekretaresse se hupse figuurtjie raak en sy sinlikheid sit met hom op 'n stywe draf op loop — verbode byeenkomste ná werksure op eensame plekkies buite die stad, later in die meisie se woonstel, dan toevallige ontdekking, skunnige tonele in die egskeidingshof. Die ou vervelige resep van verbode liefde, huweliksontrou met soveel vernedering en hoon vir albei vrouens. Dis of die stadsmens nooit genoeg het aan die soort draf: haas elke romantiese film word daaromheen gebou, nuusblaaie is daar vol van, raadgewers en psigiaters in tydskrifte pluis denkbeeldige gevalle langdradig teen soveel oulap per gedrukte duim-kolom tot die fynste faseltjies vir die waarheid uit, radio-advertensies sentreer om sulke gevalle van skokkende ontrou van die mens teenoor sy huweliksgenoot net asof die geadverteerde geslagtelike reinigingsmiddel daardeur minder na die aarde sal ruik. Dit vervolg die stadsmens tot in sy drome.

Eers wil die nuwe liefdesverhouding nie vlot nie. Die baas is middeljarig met so 'n ronde bierboepie en sakke onder die oë. Die meisie wil-wil uit natuurlike walging vir so 'n ou sak laat vat, maar dan kom daar vonkelwyn, 'n duur armhorlosie uit die baas se sak, en met gierige glinstering in die oë en 'n wynblos op die wange, is die gort nou deeglik gaar. Vinnig volg die een vuurwarm omhelsing op die ander, en dan net vóór die ein . . .

My vroegste herinnering staan soos een van die hoekbakens van my pa se plaas in my gees. Wat vóór die tyd met my gebeur het, hoe ek my toe gedra het, waarvandaan ek gekom het — alles is so toegedek in die onderbewuste dat dit baie jare van moeisame en geduldige delf sal kos om dit bloot te lê. Ná daardie eerste gebeurtenis wat in my leef, is daar sommer baie dinge wat ek helder, soos die vissies in ons plaasfontein se water kan onthou, asof ek toe net wakker geword het uit die droomwêreld van die kleuter. Die gebeurtenis self is nie eintlik besonders nie, hoewel dit my dood kon beteken het. Langs ons huis van destyds was 'n ou bad in die grond gelaat en gevul met water as swemplek vir die klein eendjies wat in die plaasdam deur die krappe gevang sou word. Ek het met die eendjies gelol, op my maag langs die bad gaan lê, een van die donserige goedjies probeer vang, my ewewig verloor, en vooroor op my gesig in die bad gestort met my voete hulpeloos bo in die lug. So sou ek aan my einde gekom het, daar destyds al . . . as my moeder nie toevallig na my kom soek het nie.

Baie keer het ek al gewonder wat sou gebeur het as ek toe al die pad byster geraak het, soos die radio-aankondiger so sielig vertel van 'n motor wat uit die pad gespring en onkant geraak het — dikwels self gewens dat my moeder tog liewers maar later moes opgedaag het. Dan sou so baie dinge nie gewees het nie — die noodsaak om dag na dag te bly leef net maar omdat jy die lewe ontvang het, die verbittering as jy later ontdek dat die lewe aanmekaar hang met skynwaardes en dat alles net maar 'n stippeltjie in die heelal is. Daar sou ook geen nageslag gewees het om my vorm oor te dra aan nog later geslagte nie — ewe nietig en eners en onbeduidend. Maar wie van ons beskik oor die vermoë om terug te keer na waar ons vandaan kom? Wie van ons kan die akkerboom laat terugkeer in die dop — behalwe dan in die volgende geslag? Wie van ons kan die fontein laat terugwel in sy oog?

Dan my oom, my moeder se broer, wat my op my sesde verjaarsdag in opdrag van Oupa skaapkraal toe geneem

het, 'n jong ooitjie met 'n skewe horing gevang het en met 'n ekstra halfmaantjie by Oupa se merk vir my gemerk het as die eerste aanteelding van my eie trop. Ek het daardie merk so goed geken: twee halfmaantjies van voor, een van agter, alles aan die linkeroor. Die volgende jaar het sy gelam, en weer gelam, en naderhand het haar lammers ook begin lam, en toe ek daar weg is skool toe op 'n ver dorp, was my troppie al vyftien, want Oupa het al my rammetjies geruil vir ooitjies. Toe naderhand is Oupa dood, en dit het duidelik geword dat ek nooit weer op 'n plaas sal boer nie. Ek skryf toe aan my oom om maar my troppie te verkoop en die geld aan te stuur, ek wou vir my 'n horlosie koop. Sy antwoord: My skape is saam met Oupa se trop verkoop en die geld is alles in die boedel in. Lank het ek daar eenkant op die spruit se wal gesit en droë stokkies gegooi op die water wat helder en traagsaam verby skuif in die diep kuil in waar af en toe 'n geelvis se stert die watervlak laat klap, om later as opdrifsel uitgestoot te word in die elmboog van die spruit waar 'n deel van die stroom aan die maal raak en dan tot stilstand stol. Ek is nooit weer terug plaas toe nie. Naderhand is my oom ook dood.

Waarom moet dit dan so wees dat elke mens maar die middelpunt bly van sy eie belangstelling? Is dit miskien omdat elkeen net die wêreld, die omgewing, die heelal kan ken deur wat hy met sy eie sintuie kan waarneem en dat ons daardeur te veel leer staat maak op wat ons self is en vermag? Tog bly ons maar in ons self opgesluit sonder enige vermoë om 'n ander se nood te begryp of blywend by 'n ander se gees en persoonlikheid aan te sluit.

Daarna . . . my peetoom, die man wat by my doop beloof het om 'n beskermende hand te hou oor my, om my by te staan en te help as dit naderhand sou blyk dat my eie ouers nie by magte is om my te bring waar ek sou wees nie. Hy was getroud, maar kinderloos. By die peetoom het ek veilig gevoel, en in die koestering van sy geneentheid en in dié van my peettante, het ek al begin voel soos die volgende eienaar van die plaas. Grootman het ek my bors uitgestoot en my stem dik gemaak teenoor die plaaswerkers, en as hulle skelmpies so onderlangs vir my lag, my gekwes gevoel in my waardigheid en dan gekrenk in die boord mossies gaan skiet met 'n rek — en nooit iets getref nie. My peettante is toe dood, 'n jaar voordat my skoolloopbaan sou eindig en ek na die universiteit sou gaan. Die plan was stilswyend altyd dat my peetoom dié deel van my opleiding — of geleerdheid, soos hulle dit genoem het —

sou bekostig. My peetoom hertrou met 'n weduwee wat ook geen kinders het nie. Die laaste lang vakansie gaan ek by hulle kuier — net om te kuier, maar ook om my verder studieplanne finaal te bespreek en te beklink. Toe sê my peetoom: Ou seun, jou tante het nog 'n paar peetkinders wat deur die skole gehelp moet word. Ek sien nie vir julle almal kans nie. Ek is toe daar weg om te word wat ek kon, nie wat ek wou nie. My oom het nooit weer genooi dat ek moet kom kuier nie. Later het hy geval en sy heupbeen gebreek. Op sý ouderdom was dit dodelik. Daar was toe ander erfgename vir die plaas.

Wat sou ek gewees het en wat sou ek vermag het as my peettante nie so ongeleë gaan sterf het nie? Het ek nie tog langs 'n omweg bereik wat ek voorbestem was om te bereik met my aanleg en persoonlikheid nie? Sou ek nie onder ander omstandighede baie ongelukkiger gewees het nie? Eintlik moet ek vra, nie wát ek sou gewees het nie, maar wié ek sou gewees het as ek ander ouers gehad het en ander geleenthede. Dis 'n gek gedagte, maar as ek nie die kind van die bepaalde ouers was nie, of as een van hulle 'n ander eggenoot gehad het, het ek glad nie bestaan nie. Ek kan net sê wie ek is deur te wys op die twee lewenskettings wat met my vader en my moeder verenig is, en van daardie kettings is ek die volgende skakel. So magteloos is die mens om in sy omgewing en in die tydsbestek van sy bestaan te verduidelik wie hy is. Selfs sy naam is niksseggend, want baie vóór my het dit gedra en na my sal nog baie dit dra, maar by elkeen van ons wat dié naam dra, is die vragie wat dit dek anders. Ook my naam beteken niks. Het dit nou soveel betekenis dat my peetoom weer getroud is en dat my troppie skaap saam in Oupa se boedel verdwyn het? Wie sal dit ooit weet — want dis onomstootlik so dat my peetoom hertrou het. Wie van ons kan die geskiedenis ongedaan maak, die verlede terugdwing in die toekoms wat nog nie gebore was nie? Die mens sit vasgevang in die geslagte, in die tyd, in die geskiedenis.

Vaagweg word ek beuws van 'n roering langs my. My vrou het, oudergewoonte, haar handskoene laat val, en nou soek sy in die donker by ons voete langs om dit te probeer vind. Loom buk ek vooroor, voel met uitgespreide vingers oor die tapyt heen, besmeer my met 'n taai sjokola wat op die vloer vasgetrap is, en vererg my opnuut aan die slordigheid van ander. Tog vind ek naderhand die vermiste toebehoorsel, en as ek met 'n rooi gesig soos die bloed opgestoot het, orent kom gereed met 'n snedige opmerking ten

koste van verlore goedere, merk ek dat die film afgeloop het en dat die ganse gehoor op die been is om huiswaarts te keer. Ons sluit by die gedrang in die paadjies aan, sommige stilswyend omdat hulle nog half aan die slaap was, ander opgewek aan die gesels asof die bioskoopgeleentheid vir hulle eintlik beteken omgang met mekaar afgesien van wat op die doek vertoon word.

Terug in die buitelug word ons omskreeu deur koerantjoggies met die jongste persberigte oor sportbotsings, nagekome inligting oor die bemanning van ons suidpoolpos, spanning tussen Rusland en Amerika oor spioenasie en ontwapening, die geslaagde lansering van 'n onderwaterse vuurpyl. Bo-oor ons straal 'n vliegtuig wat heenvaar na Europa, en in die koue winterhemel hang die sterretjies eeneen in die grenslose ruimte wat hulle omsluit.

M. STEYN VAN ROOYEN:

EGIPTIESE LEGENDE

Die vroue van Egipte het hom gevrees
waar hy langs die oewers van die Nyl
met horingskubbe en bonkig oogbanke
deur die vaal-bruin slik en geil
papiri breek —
en elke volmaan was dit gewees
as 'n swanger vrou haar erdekruik
borrelend in die water steek —
dan het hy geweet dat hy haar ongebore
kind nog een nag as dit volmaan is,
sou wegsluk in sy slymnat buik.

So het hy, die Nyl se monsterkrokodil,
vir baie jare die vroue van die land laat gil —
want hulle wat op 'n Farao se bevel
met volmaan en in volle dragtigheid
in slaafse onderdanigheid
daar water skep — net hulle
sou in weemoed hul dooie kinders tel.

Dié Farao en die monster van die rivier
het so hul diaboliese spel gespeel —
waar donker skaduwees die maanlig streel
het hy met bebloede bek
sy fees gevier.

En toe het eendag 'n beeldskone vrou,
'n maagd en dogter van die koningshuis
in verset gekom — en gesweer dat sy
die bande van die Farao se tirannie,
sy Nilotiese spel sou breek
om die dooie kinders van haar land te wreek.

Een nag toe die maan weer vol was,
het sy tussen papirus en riet by
die Nyl gaan wag —
in die stilte van die onheilsnag
het die monster glibberig-vuil
deur die riet gebreek
en sy kop in die maanlig uitgesteek.

Die maagd het toe met blink,
rooiwarmyster in haar hand
die krokodil se oë uitgebrand
en saam met hom
in die rivier verdrink.

Daar was geen vrees meer
by die vroue van die Nyl —
hulle het met waterkruike
by die rivier gaan sing,
want hul kon hul kinders weer
met veiligheid in die wêreld bring.

Met elke volmaan
het hul na die Nyl gegaan
en gesien hoe die dogter van die koningshuis
soos 'n godin uit die rivier opstaan —
en dan weer ondergaan.

DIE BOORMAN

Die wilgermik staan regop in sy hande
en hy glo dat die tak net hier sal breek,
waar dit skielik omkrul na die waterwand —
Op hierdie plek sal hy die boor insteek.

As op en af die boorstamp kadanseer,
luister hy met ervare oor
hoe hy die diepte ooplanseer,
waar hy op geloof na water boor.

Hy hou die spieëltjie teen die son,
en weerkaats die ligkol in die boorgatkring —
hy sien die blinkende waterbron
wat jubelend teen die kant opspring.

Snags as die boorman koorsig droom
en die boormasjien in sy bloed nog woel,
sien hy in God se spieël 'n blinker stroom
wat rustig deur sy wese spoel.

Z. J. PRETORIUS:

Herfs, die Stroper

Van oudsher af was die herfsgety by uitstek die tydstip in die wenteling van die natuurgebeure wat die mens geplaas het voor die meedoënloosheid van die afskeid: soos die blare val die mensdom ook af om te verdwyn oor die verre gesigseinders van die ewigheid. Daarom was die herfstyd by die digters ook bidtyd: so was dit ook by Van Wyk Louw in sy epogmakende bundel *Die Halwe Kring.* Al het hy die bundel geopen met die dapper uitspraak dat sy hoër, kouer paaie die troos en die gebed sal ontbeer, het die gebed tog een van die sterkste vormgewende elemente in sy versstruktuur geword, en is twee uit die vier afdelings uit die werk gewy aan die gebed: één, die gedagtes, liedere en gebede van die soldaat (die digterprimaat met sy patos van die afstand teenoor die sg. „veles") en die tweede, die gebedsiklus — *Vier Gebede by Jaargetye* in die Boland waarmee die bundel afsluit. Hierdie paradoksale afwysing van die gebed en tegelykertyd aangryping van die gebed vorm maar een van die aspekte van die sg. irrassionalisme wat in hierdie bundel so opvallend tot die aandagtige leser spreek. Daarom kan dit sy nut hê om in 'n noukeurige ontleding van die gebed in *Vroegherfs* te kom tot 'n meer verantwoorde uitspraak oor die geslaagdheid al dan nie van Louw se aanwending van die geslote bouvorm van die sonet om sy gebed uit te sê. Trouens, die gebed, om vorm te vind, sóék na 'n geslote vorm: "So móét julle ook dan bid," sê die Skrif by wyse van voorskrif.

VROEGHERFS

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
en enkel jeug, en vér was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

Die eerste reël van die sonnet maak die leser vertroud met die wêreld van die gedig: ons word gekonfronteer met 'n proses wat in sy wese 'n wordingsproses is: dis nog nie voluit herfs nie, dis 'n herfs-in-wording, of 'n vroegherfs soos die titel eksplikatief te kenne gee. Maar in die eerste reël kwalifiseer die digter dadelik die wordingsproses as 'n *rypings*proses. Hierdie rypingsproses soos hier voorgestel, is ook 'n uitgebreide proses: die ryping vind plaas oor 'n hele linie natuurgebeure, d.w.s. in sy verbreidheid dus ekstensief of horisontaal. Die eerste drie reëls gee die proses in drieledige verbreiding: eerstens, in die akkerblare wat 'n goue aanskyn kry; tweedens in die wingerdblare wat langsamerhand verbruin (die voorvoegsel verhef hier in definitiewe duratiewe funksie): en derdens in die veranderende lug wat die heeldag lank deur die nuwe wind en klare son deurspoel word. Die werkwoordjie "deurspoel" aksentueer hier verder die horisontaliteit van die proses — dit voer dit in die verte voort deur die nuwe element van die beweging wat dan ook duidelik genoem word: die nuwe wind. Alles hier beweeg dus in die horisontale, veral soos uitdruklik gesê word in *deurspoel,* 'n spoel in die ruimtes van die lug in. Al hierdie horisontale elemente word deur die digter sterk visueel beleef: *goue* blare, *bruin* wingerde en *klare* son. Daarby word die ryping van die jaar aan die een kant en die ryping van die blare aan die ander kant deur die gebruik van die metafoor heg en onlosmaaklik, nie óp mekaar nie, maar ín mekaar betrek: die jaar word ryp in goue akkerblare.

Die digter sien hierdie rypwordingsproses hom nie alleen horisontaal oor die natuurgebeure voltrek nie, maar ook vertikaal. Dus nie alleen ekstensief nie, maar ook intensief. Die vertikale voorstelling word uitdruklik gegee en weer drieledig nes die horisontale hierbo: eerstens in elke blom wat vrug *word;* tweedens in die populiere wat regop *staan* en derdens in die blare wat *val* — 'n vertikale beweging van bo na onder. Maar nes in die geval van die horisontale word die vertikale beweging ook fyner, noukeuriger omskryf of gekwalifiseer: die blomme is *traag* in hulle rypword tot vrug, die blare val so *stilweg* en die populiere staan *lang.* Hierdie dinge word ook sterk visueel beleef en mooi versterk in die fyn-sinnelike beeld: die rook-vaal bos en laan. *Rook-vaal* en *stilweg* hier kort op mekaar se hakke moet gesien word as fyner nuanseringe van die sinsindruk, na analogie van adjektiewe soos *as*vaal, *doods*bleek ens. En met *rook-vaal* en *stilweg* het ons meteen daardie opvallende kenmerk van die herfs: nl. sy uitwissing van grense,

sy mistigheid, sy sfeervolle vervaging in die ruimte — of soos Keats dit vir alle tye beleef het as "mists and mellow fruitfulness". Om saam te vat: in die oktaaf het ons dus 'n fyn samespel van horisontale en vertikale elemente binne die wêreld van die gedig. Maar as ons die verloop van die oktaaf noukeurig lees, sal ons vind dat die horisontale beweging dit gaan wen op die vertikale: dit eindig trouens met die oorheersende beeld van die lang populiere wat elke ligte môre witter staan — dus duideliker, in vertikale begrensing. Die verstrakking gaan dus wen op die vervaging. Die indruk van vertikaliteit word op sy uitdruklikste gegee in die populiere wat *staan* en die blare wat *val*. En hierdie *staan* van die populiere is nie 'n staan-in-die-breedte nie, d.w.s. nie 'n staan óór die velde nie, nee, dis 'n staan in die hóógte, en die staan word nog versterk deur die voorstelling dat hul al *witter* (en dus opvallender) staan. Hierdie komparatief *witter* in reël 8 is reeds in die vooruitsig gestel deur die konstruksie "witter lug" in reël 2. Letterlik het die analogie hier van die klankwaardes betref ook horisontaal vorentoe gegolf sodat *witter staan* terugspeel op *witter* lug. Nie slegs in hierdie herhaling van "witter" speel die analogie hom uit nie, maar ook meer subtiel in die herhaling van konstruksies soos "dag-lank" (reël 2), "stil-weg" (reël 6) en "rook-vaal" (reël 8).

Die komparatief *witter* veronderstel dat dinge vergelyk word na mate die rypwordingsproses hom ekstensief en intensief voltrek: wat wit is word witter. En dit is die gevolg van 'n stropingsproses: die lang wit stamme word van hulle *blare* gestroop: die blare is uiterlike tooisel, tydruimtelik met die takke verbind, en as hulle weg is, staan die stamme van die populiere daar, skoner en witter as tevore.[1] 'n Finale vrug dus van die stropingsproses; skoon, linieêr binne die wêreld van die gedig. In hierdie voltooidheid vind die oktaaf verstegnies ook sy natuur- like en natuurlike einde. Hierdie komparatief "witter" in sy natuur-like verband en samehang met alles dusver in die oktaaf gegee, is meteen ook die heenwyser na wat daar in die sekstet, na die wending, verder voltrek sal word in 'n gees-telike verband.

Met die openingfrase van die sekstet is ons meteen vanuit die natuur-like in die gees-telike wêreld verplaas: daar word dus 'n nuwe dimensie tot die wêreld van die gedig toegevoeg. Die aanroeping "O Heer" verplaas ons in die sfeer van die gebed. Op grond hiervan moet ons dus verwag dat alles wat vroeër op die niveau van die natuur-like in die oktaaf gegee is, hier in die sekstet op die niveau van

die gees-telike beklink sal word, d.w.s horisontaal en vertikaal, maar veral vertikaal volgens die aanduidings in die slot van die oktaaf. En dit gebeur inderdaad: die geleidelike volgroeiing na wit-heid en suiwerheid reeds as heenwysing in die oktaaf aanwesig (let op die evolusie van wit: van *goud* na *bruin* na *rookvaal* na *lig* na *witter* . . .) word in die sekstet voortgesit en vergeestelik, veral in die woordjie *heilig*. Maar die *heilig*, nes die *witter* vooraf, is nog nie 'n toestand nie, dis 'n wording — eintlik 'n gebed om heiligwording, volkome in die sfeer van die Christelike kommunie. Maar die heiligwording is hier nie betrokke op de mens nie, nes die natuurbeelding in die oktaaf ook nie betrokke was op die mens of toeskouer nie: dit is eerder betrokke op die tyd waarin die proses hom afwikkel. Dus: nie die mens word heilig nie, maar "hierdie dae". Tot hiertoe het die mens nog nergens sy intrede in die gedig gemaak nie. Nes die natuur-like rypingsproses hierbo drieledig bepaal is, word die heiligwording op parallelle wyse ook drieledig na sy inhoud uitgewerk. Die betekenisvolle dubbelpunt na reël 8 sê eintlik dat die heiligmaking in die daaropvolgende drie dinge verbesonder word. Daar moet naamlik afgelê word eerstens, alles wat pronk en sieraad was, tweedens alles wat enkel jeug en derdens, alles wat ver was van die pyn.[2] En dis nie maar net 'n aflegging nie, dis 'n afval, 'n val na benede, nes die blare stilweg na benede geval het. Ook hier manifesteer die heiligwording hom intensief, d.w.s. in die gemoed (enkel jeug, ver van die pyn-toestande wat gesoek word) en ekstensief (vgl. pronk en sieraad wat gesien word). Dus ook in die heiligwordingsproses het ons te doen met 'n samespel van in- en ekstensiewe bindinge.

Hier in die sekstet word meteen die gebruik van die koppelwoordjie *en* betekenisvol. 'n Vlugtige verkenning van al die en-konstruksies oor die liggaam van die sonnet heen bring 'n betekenisvolle patroon aan die lig: in reël 3 het ons "nuwe wind *en* klare lug", in reël 6 "bos *en* laan'; in reël 10 "pronk *en* sieraad". In al hierdie uitdrukkings is daar 'n hegte integrasie tussen die samestellende dele: *wind* en *son* hoort bymekaar, so ook *bos* en *laan, pronk* en *sieraad*. Hierdie dinge is op mekaar aangewese, hulle hoort by mekaar soos vinkel en koljander. Globaal geneem vorm hulle 'n oortuigende demonstrasie van die hegte integrasie van die struktuur in die sonnet.

In die eerste tersine van die sonnet was daar die strewe om die natuur-like of sinnelike dinge te vergeestelik in die gebed; in die tweede tersine word die proses omgekeer:

hier word die geestelike weer in terme van die natuur-like ervaar, en die versinneliking laat hom ook drieledig voltrek: eerstens, daar moet ryp gemaak word; tweedens, daar moet laat waai word; en derdens, daar moet laat stort word. Nes hierbo op die niveau van die natuur-like, waar eerstens die jaar ryp word, tweedens die nuwe wind wat waai en derdens die blare wat val. Wat die vergeesteliking betref: die ryping is universeel, nie lokaal of eksplisiet op die persoon betrek nie; die heilige wind waai hier as ekstensiewe beweging in die ruimte en kosmos en is nie gelokaliseer of linieêr nie. Let ook op hoe doeltreffend die waai in die onbegrensde ruimte in gereleveer word deur die naasmekaarplasing van twee klemtoppe: laat U wind wáai, teenoor die reëlmatige jambiese klem in die voorafgaande en daaropvolgende reëls: "laat rýp word Héer" en "laat stórt my wáan". Deur die groter adem wat *waai* hier verkry, word die universaliteit van die waaibeweging in die hart getref.[3]

Met *stort* is ons weer by die vertikale beweging, soos vroeër reeds voorvoel in die voorstelling van die *val* in die oktaaf. En meteens is daar vir my 'n diskrepansie tussen die voorstellinge wat hierdie twee verwante woorde aktiveer: by *val* was dit 'n trae, stilweg beweging na benede; by stort is dit 'n drastiese versnelling van beweging, 'n stort na benede wat baie reëel is en hier verbind is met 'n nie-sintuiglike voorwerp: my waan. Verder, anders as by die algemene ryp word en die universele wind wat in die ruimte waai, word die stort onverwags en drasties betrek op die persoon van die digter self: laat stort *my* waan.[4] Hier vind dus onmiddellik 'n inkrimping van die wêreld van die gedig plaas en die hele vergeestelikingsproses wat vroeër in die ander geledinge van die gedig geneig het in die rigting van die Universele, na God self, word hier omgekeer en op die persoon van die digter self gerig: daar is m.a.w. 'n vernouing van die horison. Die ek-voorstelling wat met "my waan" wederregtelik sy intrede in die wêreld van die gedig gemaak het, word in die laaste twee reëls tot sy uiterste konsekwensie gevoer as die gedig nie meer vorentoe, na die moontlike vrug van die stropingsproses kyk nie, maar nostalgies terug, die verlede en die ruimte in: na die digter se teerder jeug. En dis hierdie vlietende terugkyk, net vir 'n oomblik, wat die moontlike vrugte van die vergeesteliking in die voorstelling daarvan aantas. Die digter verwys na *teerder* jeug. *Teerder* impliseer dus 'n komparatief tussen twee bestaanswyses wat grade van teerheid vertoon: die jeug wat teerder is en die tweede bestaanswyse-

in-wording wat as vrug van die heiligwording daar sal staan. Maar dié kan, volgens die gedig, nie teer wees nie, juis *vas* en *nakend*. Dus moet die vergelyking tussen twee bestaanswyses wat 'n gemeenskaplike element van teerheid bevat hier afgewys word. Dan word met *teerder* jeug seker maar eintlik *tere* jeug bedoel, en is die vorm *teerder* eerder te verklaar uit die suigende analogiekragte van *witter* hoër op in reëls 2 en 8. En as daar volgens die tweede moontlike lesing met "teerder" eintlik maar "baie tere" jeug bedoel word, bring dit weer die probleem van die nostalgie na vore: *teerder* veronderstel emosionele toegeneentheid tot die eerste bestaanswyse, maar hy bid dan juis om verlossing van dié jeug en waan.

En wat is die uiteindelike vrug van die stropingsproses? Die laaste twee reëls gee dit duidelik: hoogheid. Dit is vroeër in die oktaaf in die beeld van die kale stamme van die bome wat in die hoogte al witter staan reeds tentatief voorvoel. Maar die digter is nogal veeleisend: hy verlang ál die hoogheid (d.w.s. eerder 'n ekstensiewe as 'n intensiewe begrip). En die modus van hierdie hoogheid se verskyning is die twee bywoorde: *vas* en *nakend*. Hier het ons, op die oog af, 'n herhaling van die geïntegreerde en konstruksies hoër op in die gedig soos in "bos en laan", "pronk en sieraad" ens. Maar "vas en nakend" is hier bloot toevallig op mekaar aangewys en is hulle verwysingswaarde na mekaar wat hulle betekenis betref, baie toevallig en willekeurig. Daarby versterk die enjambement tussen reëls 13 en 14 die indruk van 'n struktuurbreuk tussen *vas* en *nakend*. Daarom mis die laaste twee reëls daardie magiese "emotional sequence" wat skynbare teenstellinge vir ons aanneemlik maak.

Daarom konkludeer ons dat vanaf die moment dat die ek-voorstelling die wêreld van die gedig binnegesluip het, die gedig as gevolg daarvan in sy afloop nie 'n hoogtepunt vertoon nie, maar 'n batos; dat die slotreëls heelwat laer sing as die res van die mooi sonnet. Hier in die slot sing nie meer die stem van die intuïsie wat verbande ervváár nie, maar spreek die stem van die verstand wat verbande kunstig opbóú. "Hoogte" uit "hoogheid" is nie so 'n onaanvaarbare sprong nie, maar die innerlik teenstrydige "vas" en "nakend" (uit die *staan* van die bome en die *val* van die blare) dui onmiskenbaar op konstrúksie: dit mis die innerlike noodsaaklikheid en sekerheid van die Midashand van die ware poësie, dit verklink tastend en onseker. Die drastiese wegswenking vanuit die universele in die strengpersoonlike is in die grond van die saak die verklaring van

die onbevredigende slot se "erratic touch and centrifugal strain" (Lewis).

1 Ook Roy Campbell het in AUTUMN die skoonheid-onthullende „paragon of art" gesien:

I love to see, when leaves depart,
the clear anatomy arrive,
Winter, the paragon of art,
that kills all forms of life and feeling
save what is pure and will survive."

2 Die duidelik *etiese* waardering van die pyn is hier, vir Louw, opvallend. Elders het hy pyn en lyding op nie-sedelike grondslag waardeer, soos in DIE DIEPER REG en by die Doper. Die duidelikste in „Ecce Homo" waar die Christus-lyding nie plaasvervangend maar redelik, as middel tot herkenning en selfbegrip, gebeeld word. Ignatius besef dat die pyn behoort tot die grond van die skepping self en nie slegs begeleidingverskynsel van die lewe is nie: maar reeds hier is 'n nadering tot die Christelike etiek — dat pyn bestaan is nodig, sodat rykheid en geduld gebore kan word.

3 Vgl. Rilke se ooreenstemmende beelde, en veral:

Leg deinem Schatten auf die Sonneuhren,
und auf den Fluren lass die Winde los.

4 Totius, uit minder egosentries-geaksentueerde lewenshouding, laat sy grysaard in GEBED nie bid om verlossing van die waan nie, maar om vergewing — die waan is per slot van sake eindaankleefsel van die mens. En daarby nie die onbestemde waan nie, maar die „domme waan" —

Wil my nie los, nog gadeslaan
my domme waan.

ANDRÉ ROUX

BALLADE VAN DIE STERWENDE KAT

Die grou asfalt van die straat
was vroedvrou die nag toe ek gebore is.
My lewe lank het ek in donker agterplase
tevergeefs gesoek na liefde en 'n maat,
my minnelied snags laat styg bo die stadsgerase.
Nou weet ek dis verby, dat alles verlore is.

Bubastis, geliefde, moet my nie nou verlaat!
Streel my uitgeteerde rug en ek sal spin
en sing van verlatenes, soos ek, snags op straat.
Bubastis, godin, 'n kat wat sterwe kan nog bemin.

TERDOODVEROORDEELDE

Gabriël, gevleuelde boodskapper van God,
is u vanaand in die donker saam met hom, hier in die sel?
Bring u 'n blye boodskap, of is u gestuur om hom te vertel
van die galgdood wat môre om elfuur op hom wag?
Praat met hom, vertel hom van die lot
van Adam in die Paradys
en verf voor sy sel die Kaïnsmerk, of, as dit kan, die Kruis.
Dit sal, net soos sy vel, verbleik
en na hom sal nog ander wagtend deur die tralies kyk.

NEUROLOOG

Sy vernam geneesheersak lê in die kamerhoek
en nes 'n hamerkop wat in troebel waters na platannas soek
pik, pik hy met sy rubberhamer
en glo opreg hy kan uit reaksies van reflekse lees
die hiërogliewe op die mummiedop van die gees,
hier in die skemerdonker van die siekekamer.

OU FILOSOOF VAN REMBRANDT

Die winterson het 'n warm weelde oor sy armoed uitgestrooi
en ook 'n spatsel gou op haar gegooi.
Die skilder wou dit anders hê, dit weet ek nou:
Dis sy wat in die brandpunt bly, die vrou
met weggeskroeide oë, 'n hoë wang,
en sterk hande wat die vuurtang klou.
Voel hy, soos ek, die bang?
Netnou sal sy omswaai en met haar tang
die kool slinger na hom, die arme ou filosoof.
Verf dood die doek, die ellendige lig- en skaduspel
van twee, vir ewig in so 'n wrange drama saamgeknel!

STADSORREL

Tamaai valsgestemde orrel
met asfaltpype waarlangs lawaaiverwekkers korrel:
toeters, aflaatpypgesnork, klank
wat opstyg, driftig, heeldag lank.
Verkeerskonstabel blaas sy fluit.
Remme skeur die straat en een sak uit.
Elke dag die dol gehaas
van Neurote wat na nêrens haas,
totdat, ja tot die laaste fluitjie blaas.

Ons het die pype toegestop met hars.
Ons orrel speel die dodemars —
metaaldeeltjies, petroleumdamp —
Snags lees ek by die lamp
van beskawings uit vervloë jare
wat soos swart geroeste koringare
vermuf het van meer klank
as waartoe die mense-oor uit kan rank.
Maar douvoordag rys ek uit
met voëlgekletter en -gefluit,
en voel ek waarlik vry
tot die eerste brommer om die straathoek ry.

ADRIAAN SNYMAN:

Siklus

VOORJAAR

Die voorjaar breek soos blinkwit mores teen
die ranttjierug, en beur op uit die kil
grys dae van die kouetyd. Nou reën
dit nagte lank en waar die bome stil
en dun buig op die hang, sny tweeskaarploeë
blink vore in die harde aarde los —
soms knal 'n sweep, die klanke kaats die hoë
klowe deur, roep trug uit elke donker bos.
Ek is 'n kind en ken alleen die bly
wit vreugdes van my eie hart; ek speel
bedags, maar saans wanneer die vinke in die vlei
hoog uit die wilkertoppe stiller kweel,
dan hoor ek nog, terwyl ek ooplê deur die laan,
die gladde klip wat teen 'n vinkbors slaan.

SOMER

Dat soveel somers eers tot in die klein
grys holtes van vergetelheid moes keer,
voordat ek deur die wording en die kwyn
van al die songekelkte dae sou kon leer:
somer is die hart van die getye, klare
ryp geworde dinge wat tot weelde in
die vrug uitgroei en vet en blink die are
op die ryke akkerlande buig. Diep in
my het ek toe, wyl winde uit die noorde
waai en blitse kantel uit die blonde
borste van 'n wolk, verlang na reën. Geen woorde
ken 'n mooier vreug as myne toe die eerste ronde
korrels van die somerreën sy vaal verdriet
stilweg teen my ruite klop, 'n ou-ou lied . . .

NAJAAR

Hoe stil het al die vreugde nou in my
geword, hoe ver het ek van alles weggedwaal,
dat selfs die winde van die herfsgety
se eindelose vlam my in moes haal?
O Heer, ek wou uitskree teen hierdie dae,
teen elke bruin verdroogde blaar wat knak
en dralend in die skemer val soos vlae
ou-goud waar die populiere digter tak.
Ek het die aasvoëls knaend om en om
ál teen die oopte van die lug sien maal;
gewonder waarvandaan hul paaie kom,
van watter hoë lug: dat hul dié kaal
brak aarde mooier vind? — of het hul hoop
om hier nog iets te kry, reeds leeggeloop.

WINTER

Buite lê die wêreld soos 'n spierwit skyf,
deursigtig van die trae wasemdamp
wat bo die groen pap van die vleie dryf;
oor alles hang 'n kilte, selfs die kamp
waarin die beeste wei, lê styf, die watergat
versteen tot harde glas; soms as 'n kalf vassteek
en skuwig daaraan lek of snuiwe dan
verskuif die hele oppervlak en breek.
My siel het van verrukking oopgekelk,
in suiwer blydskap uitgelig bo hierdie tam
gebluste vlees van sterwe en verwelk:
stom gesoek na dit wat in my are vlam;
Verskriklik vér het skril 'n trein se fluit
oor duisend koue winters heen getuit.

ANDRÉ DEMEDTS:

Een Jaar Nederlandse Letteren in Noord en Zuid

Eigenlijk loopt onze kroniek over twee jaarhelften, van augustus 1959 tot augustus 1960. Hoewel niet in orde met de burgerlijke kalender, is die indeling volledig ter zake waar het om een terugblik over de jongste letterkundige bedrijvigheid gaat. Onze uitgevers beginnen hun nieuwe boeken op de markt te brengen als met het najaar de lange avonden en het slechte weder in aantocht zijn en houden als de zomer nadert daarmede op. Tijdens de maanden juni, juli en augustus zijn ook de schouwburgen gesloten en komen veel tijdschriften met één, ten hoogste twee nummers uit.

Een nauwkeurig en objektief overzicht is op zichzelf al een hachelijke onderneming, die nog gevaarlijker gaat lijken als men weet wat een ontzaglijke omvang onze boekenproduktie gekregen heeft. Volgens de gegevens die door het *Nieuwsblad voor de Boekhandel* verstrekt werden, verschenen in 1959 in Nederland alleen 8,588 titels, tegenover 7,818 in 1958 en 7,284 in 1957. Vele hiervan werden tegelijk door een Vlaamse uitgever in België verspreid. Ook het omgekeerde gebeurt: dat een Vlaamse onderneming een werk uitgeeft, dat in Nederland door een Nederlandse firma aan de man gebracht wordt. Als men rekening houdt met de boeken die alleen bij een Vlaamse uitgever uitgekomen zijn, moet het aantal verschillende Nederlandse titels dat in 1959 in Nederland en België samen verschenen is de 10,000 overschrijden. Voor een bevolking van ongeveer 17 miljoen Nederlandssprekenden is dat een hoog cijfer, als men bedenkt dat de Franse boekenproduktie in hetzelfde jaar voor ± 45 miljoen inwoners 12,032 titels bedroeg.

Opmerkelijk zijn sommige deelgetallen, die nopens de gerichtheid in de belangstelling van ons publiek veel kunnen leren. Er kwamen in 1959 1,056 romans en novellenbundels en 870 jeugdboeken uit. Het aandeel van de vertaalde romans (657) lag ruim 50% hoger dan de oorspronkelijk Nederlandse (408), en onder die vertalingen kwam de Engels-Amerikaanse letterkunde zo ver vooraan dat er uit die literatuur 40 titels meer verschenen dan er eigen romans in het licht gegeven werden.

Die getallen overtuigen er ons van, dat er op de Nederlands-Vlaamse boekenmarkt ook plaats voor Afrikaans

werk moet zijn. Het ontbreekt noch aan belangstelling noch aan sympatie, wel aan een zekere stroming ten gunste van de Afrikaanse letterkunde, die door een degelijker bekendheid zou moeten ontstaan. Onze intellektuelen weten wel iets over de Afrikaanse poëzie, omdat zij in het middelbaar onderwijs een beknopte kursus in de Afrikaanse literatuur gekregen hebben, die hoofdzakelijk aan de poëzie is gewijd, en omdat er tamelijk dikwijls op vergaderingen en in de radio Afrikaanse gedichten voorgedragen worden. Met het Afrikaanse verhalende proza is het daarentegen veel slechter gesteld. Als in onze tien voornaamste bladen en tijdschriften de nieuwe Afrikaanse romans geregeld konden besproken worden, zou er hier langzaam een afzetgebied voor de oorspronkelijke uitgaven en voor vertalingen gevormd worden. Is het niet mogelijk dat er in die zin iets wordt gedaan?

Waarschijnlijk zouden sommige uitgevers en vertalers zich weldra in Afrikaanse literatuur gaan specialiseren, wat nog de beste waarborg voor een zekere verspreiding biedt. Zo is sedert 1948 in Duitsland, door de onverpoosde bedrijvigheid van één man, Georg Hermanowski, die te Bad Godesberg aan het hoofd van het "Flämisches Lektorat" staat, zulkdanige belangstelling voor de Vlaamse literatuur gegroeid, dat zij wat de vertaalde werken aangaat, na het Engels-Amerikaans en het Frans, op de derde plaats komt. Hermanowski alleen heeft in twaalf jaar meer dan 80 Vlaamse werken vertaald en er een uitgever voor gevonden.

Maar keren wij terug naar ons overzicht. Een schitterend jaar, in de zin dat er verrassende nieuwigheden of uitzonderlijk goed werk te begroeten vielen, is het niet geweest. Veeleer lag wat aangeboden werd in de gewone middelmaat en lijn. Nog altijd handhaaft de poëzie zich op een merkwaardig peil en dat in een periode dat de dichtkunst in bijna alle kultuurlanden in achteruitgang is. Onder de beste nieuwe uitgaven rekenen wij vijf verzenbundels, waarvan er vier door Nederlanders en één door een Vlaming geschreven werden. Deze laatste is *Hubert Van Herreweghen,* die reeds vroeger aan het "Tydskrif vir Letterkunde" een bijdrage afgestaan heeft. In zijne jongste bundel *"Gedichten II. Brieven uit Portugal" (1959)* heeft hij voorlopig zijn schoonste werk geleverd. Zijn poëzie vertolkt op een mannelijke, meedogenloze manier, met een sterk persoonlijke beeldspraak en bewogenheid, het eenzaamheidsbesef van de gelovige, die zijn aards bestaan niet als een zinloze, maar toch zware opdracht ervaart.

Verwant met die tematiek is de inhoud van *"Tegengif"*

(1959) van *Victor E. Van Vriesland,* waarin hij zonder hoop, maar stoïcijns over de vergankelijkheid aller dingen en die onvervulbaarheid van ieder droomverlangen mijmert: "Zie mij: vermoeid, / Weifelend, twijfelend, niet / Gelooven en vol verdriet. / Zoo geschokt en ten doode bedroefd". Van de speler met rijmen en ritmen die *Pierre Kemp* is, ontvingen we *"Emeritaat"* (1959). Het volgend jaar wordt hij vijfenzeventig. Totnogtoe is hij een der meest fantastische en sprankelende dichters uit onze hedendaagse letterkunde geweest, boeiend door zijn taalvondsten en soms ontroerend door een oprecht gevoel, dat vaak met een surrealistische visie op de werkelijkheid samengaat. Nu schijnt met de ouderdom de onafwendbare verstilling en vermoeidheid ingetreden.

Vooralsnog komt die terugebbing van de levenskracht niet voor in *"Stenen Tijdperk"* (1960) van *Herman Van den Berg.* Hij is de dichter, die meer dan 40 jaar geleden in "Het Getij" het ekspressionisme in Noord-Nederland heeft ingevoerd. In zijn jongste werk mocht zijn vitalistische wereldbeschouwing onaangetast blijven. Voor hem bestaat er geen scheiding tussen lichaam en ziel en dan ook geen dood, die een vernietiging is. "Van alles is iets over." Zijn poëzie bevat een belijdenis van trouw aan het leven en vertrouwen in Zijn eenheid en eeuwige kracht:

"Ook ik verwacht
en hoor de wind mindren,
slaap in het voorjaar langs de rivier
onder donkere kluiten
waarin het hart gist.

Ook ik ben als gij
ploeg die kinderen opdelft,
golf om doden op omhoog te heffen,
sap van kruid en zon om levenden mee te voeden.
Als gij ben ik stem die zichzelf vertelt
met het bruisen van de bergbeek,
stem die wordt als de uwe, stem van zee,
en als ik spreek van mij
spreek ik van u".

Eindelijk doet het ons genoegen de aandacht te mogen vestigen op *"Het Huisgezin"* (1959) van *Muus Jacobse.* Achter deze schuilnaam verbergt zich Prof. Dr. K. Heeroma, de meest vooraanstaande onder de kalvinistische lyrici van heden. De titel van zijn laatste verzenbundel verraadt de

inhoud. Ernstig en degelijk, zonder aanmatigend of zwaartillend te worden, spreekt hij schijnbaar gewoon omdat hij tegenover alle sensatiezoekerij afwijzend staat, over de konkrete verhoudingen, bepaald door de afkomst en het samenleven, die de mensen aan elkander binden. Als veel rumoeriger stemmen voorgoed verstomd zijn, zal zijn menselijk getuigenis, door zijn evenwichtige schoonheid nog zijn bemoedigend karakter behouden hebben.

Vermelden we in verband met de dichters en hun werk nog dat de belangrijke C. W. van der Hoogh-Prijs door de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden aan de Vlaamse dichteres *Christine D'haen* voor haar bundel *"Gedichten"*, geschreven tussen 1946 en 1958, werd toegekend. Voor Christine D'haen is het leven goed en schoon, door alles wat het aan zintuiglijke genieting biedt. Maar tegelijk beseft zij dat het noodwendig in de dood uitmondt, zoals de dag in de nacht moet overgaan. Dat einde werpt zijn weemoed vooraf, een weemoed die het aardse geluk niet wegneemt, maar het integendeel zijn volle weelde schenkt. De liefde viert zich uit in de dood; de dood verleent de liefde diepte en drang naar vergeestelijking: het gehele lot van de mens grijpt haar aan.

Met de Constantijn Huygens Prijs werd voor zijn gezamenlijk werk dichter Gerrit Achterberg onderscheiden. Hij werd in 1905 in Gelderland geboren en heeft zijn leven in oostelijk Nederland doorgebracht. In zijn poëzie, die in een twintigtal bundels opgenomen werd, staat hij buiten het tijdsgebeuren. Eén kernmotief beheerst zijn kunst: het streven om met een overleden geliefde één te worden. Eén te worden door een scheppend denken, dat alle toevallige scheidingen kan overbruggen, om de grondvorm te ontdekken waarin al het bestaande te verenigen is. Zo werd Achterbergs onvergetelijke dode hetzelfde als de schoonheid, de geest der dingen en God voor hem. Zijn poëzie is, stylistisch beschouwd, traditioneel geschreven. Op een eerste gezicht lijkt ze niet moeilijk, wel stroef en enigszins nors. Bij een aandachtiger lezen, ontdekt men haar geslotenheid en begint de ontraadseling van 's dichters wereldbeeld, zo eigen en persoonlijk, dat de woorden van de dagelijkse omgangstaal met een ongewone betekenis geladen zijn. Volgens sommigen is Gerrit Achterberg na Adriaan Roland Holst thans de grootste onder de levende Nederlandse dichters.

Overgaande naar de roman, past het vooraf enige woorden aan de nagedachtenis van vier overledenen te wijden. Op 28 januari 1960 is de hoogbejaarde Anna Van Gogh

Kaulbach de eeuwigheid ingegaan. Zij schreef een groot aantal romans en novellen, eerste naturalistisch en later meer realistisch, over sociale misstanden, de problemen van de gehuwde vrouw en de rijpere jeugd. Op 1 april ontviel ons Piet Bakker, die met zijn "Ciske de Rat"-trilogie de meest gelezen Nederlandse auteur uit zijn tijd geweest is. Enige weken later, en wel op 31 mei, stierf Willem Elsschot. Hij was in 1882 geboren, leidde lange tijd een publiciteitszaak en schreef behalve een bundel "Verzen van Vroeger" een tiental veelal korte romans of novellen, waarin hij zakelijk, met veel ironie en sarkasme, de geldzucht en huichelachtige onbetrouwbaarheid van de enen tegen de stille, bijna hulpeloze rechtschapenheid der anderen stelt. Men had hem tegelijk de meest cynische en aandoenlijkste onder onze romanciers kunnen heten. Daags na zijn dood werd zijn werk met de Belgische Driejaarlijkse Staatsprijs voor het proza bekroond. Op 13 juli j.l. eindelijk overleed amper vijfenvijftig jaar oud *Anna Blaman*. Veel heeft zij niet geschreven, maar haar romans zoals *"Eenzaam Avontuur"* (1948), *"De Kruisvaarder"* (1950), en *"Op Leven en Dood"* (1954) behoren tot het beste wat op het gebied van de psycho-analytische verhaalkunst in het Nederlands voorhanden is. Haar werk beschrijft de onoplosbare verlatenheid van de mens die, anders dan anderen, geen aansluiting bij de gemeenschap vindt. In haar laatste boeken was er een straaltje licht gekomen, gesproten uit het vermoeden dat er in de berusting een uiting van eigen kracht kon schuilen, die reden tot vertrouwen gaf. Deze mogelijkheid om zijn eigen licht op het donker te winnen, was de enige troost die zij op het leven had kunnen bevechten.

Onder de vooraanstaande Nederlandse romanciers, is *Simon Vestdijk* ongetwijfeld de vruchtbaarste. Van 1932 tot heden heeft hij zulk een groot aantal verhalen, ook gedichten en studies geschreven, dat men aan een beheksende scheppingsdrang moet geloven. In één jaar (1956) zijn eens zes boeken van zijn hand verschenen. Thans heeft hij in *"De laatste Kans"* (1960) zijn achtdelige cyclus over Anton Wachter afgesloten. Het eerste deel ervan, *"Terug tot Ina Damman"*, kwam in 1934 van de pers. Anton Wachter is een man die niet buiten zichzelf kan treden en daardoor, omdat hij te veel intellekt heeft, tot eeuwige eenzaamheid veroordeeld is. De kleinen van geest kunnen in de voldoening van lust en hartstocht hun geluk vinden; de groten blijven onbevredigd, zolang ze zich niet in dienst van een idee kunnen stellen. Wachter zoekt het in de seksualiteit, tot hij op zekere dag kennis maakt met een

studente, die door haar afkomst en opvoeding een andere standing heeft dan de meisjes met wie hij tot dan toe aangespannen had. Maar de studente wijst hem om begrijpelijke redenen af en zo vervluchtigt zijn laatste kans op een zinrijk bestaan. Vestdijk is te cerebraal om een aangenaam schrijver te mogen heten, maar hij bezit taalvaardigheid en temperament als weinigen.

Niet minder intellektueel, ofschoon iets warmer van toon, zijn de verhalen die *F. Bordewijk* in *"De Zigeuners"* (1959) gepubliceerd heeft. Opmerkelijk ervoor is de mysterieuze inhoud, waaruit een zekere belangstelling voor okkulte verschijnselen spreekt. Als stylist is ook Bordewijk veelal droog en nuchter, wat ons eens heeft doen schrijven dat hij een "ingenieur in de literatuur" zou mogen heten.

Die uiterst verstandelijke zakelijkheid treffen wij veel minder bij de Vlamingen, zelfs bij *Marnix Gijsen,* de meest Hollandse onder hen aan. Van hem lazen wij *"Lucinda en de Lotoseter"* (1959). Uit de Odusseia van Homeros weten wij dat de Lotoseters een volksstam waren in het bezit van een lotosvrucht, die vergetelheid van zijn verleden schonk aan wie ervan at. De hoofdpersoon uit Gijsens jongste roman is een Belgisch classicus, die tijdens de oorlog vrouw en kind in een kamp verloren heeft. Hun dood voelt hij bijna als een bevrijding aan. Hij vertrekt naar de Verenigde Staten, waar hij Lucinda leert kennen. Zij besluiten in het huwelijk te treden, wat evenwel de zelfmoord van haar jaloerse tweelingbroeder tot gevolg heeft. Nu voltrekt zich in de classicus een soort katharsis, die hem toelaat zich in volledige overgave aan Lucinda en het Amerikaanse leven te hechten, wat met een spoorloos vergeten van zijn vroeger bestaan en van zijn vaderland samengaat. In de grond zijn Gijsens romans zeer knappe essay's, waarin het anekdotische gedeelte slechts konkretisering van zijn cynische wereldbeschouwing is. Vandaar de vele innerlijke alleenspraken en dialogen, die naar de trant van de oude Grieken zijn opgevat. Waar de lotoseters hun vroeger leven vergeten hadden, blijft Gijsen er nog aan vast door de hoogharige minachting waarmede hij de waarden die zijn jeugd bezield hebben van zich afstoot. Hij is een klare en moedige geest, maar nog altijd eenzijdig rationalistisch, om niet te hoeven toegeven dat, zoals het vorige jaar bij zijn optreden voor de Leuvense studenten bleek, zijn hart hem anders te machtig zou worden. Dat hart is nog niet zo los van een verleden, met alles wat dat insloot, dat het als Odusseus van Ithaka mocht onwetend worden.

Een geheel andere wereld wordt in *"De ongelooflijke*

Avonturen van Tilman Armenaas" (1960) van *Gerard Walschap* uitgebeeld. In dit verhaal heeft de schrijver de twee hoofdmotieven die wij uit zijn vroeger werk kennen verenigd: de atmosfeer van het Brabantse buitendorp met de pikareske avontuurlijkheid van een exotisch gegeven. Tilman Armenaas is een Vlaamse knaap, die 12 jaar oud met een Aziatische prins de wereld intrekt, in het land van die prins ontzettend veel goed verricht, zodat hij daar hofmaarschalk wordt, maar tussenin eens naar Vlaanderen terugkeert, waar hij eveneens allerlei misstanden opklaart en mensen gelukkig maakt. Een doortastende "mens van goeden wil" dus, die treffend en vooral kleurig de mening van Walschap illustreert, dat alles met welwillendheid in orde kan komen, als er zich maar iemand met talent mee bemoeit. Die optimistische kijk op de dingen steunt op een blind geloof op de evolutie, waarvan de auteur verwacht dat zij het heden, met de godsdiensten en zeden van deze tijd, tot een afgesloten verleden zal maken. Hoewel wij het niet als zijn schoonste werk beschouwen, is "De ongelooflijke Avonturen van Tilman Armenaas" toch kenschetsend voor Walschaps wereldbeschouwing en meesterlijke verhaaltechniek.

Vestdijk, Bordewijk, Gijsen, Walschap, zijn zestigers geworden. Bij de generatie die hen onmiddellijk opvolgt, is de letterkundige oogst minder overvloedig en belangrijk geweest. Er verschenen nieuwe romans van *Jan de Hartog ("De Kustenaar",* 1959), *M. Revis ("Spoorzoekers"* 1959) en *Piet Van Aken ("De Nikkers",* 1959), die tegenover hun vroeger werk geen vooruitgang betekenen. Daarentegen past het wel meer aandacht te wijden aan *"De Neusvleugel der Muze"* (1959) van *Johan Daisne, "Fraude"* (1960) door *Rogier van Aerde* en *"Cider voor arme Mensen"* (1960) door *Hella S. Haasse.*

Geschreven in de milde toonaard die hem eigen is, verhaalt Daisne in "De Neusvleugel der Muze" de belevenissen van een filmkritikus (die hijzelf is) op drie internationale festivals, in Vlaanderen, Tschjecho-Slovakije en Rusland. Dat gegeven schenkt hem de gelegenheid om over de kunst, de mens en zijn omwereld, zaken te zeggen die door hun algemeen geldende wijze en toch frisse menselijkheid in het geheugen geprent blijven. "Fraude" van Van Aerde is vooral merkwaardig om de figuur van de bankier Karel van Weerd, die als een symbool van veel ontwrichte, in de grond door hun aandrangen en niet door een overtuiging geleide mensen van deze tijd mag doorgaan. Om zijn bank te kunnen redden, is hij verplicht voortdurend te knoeien.

Maar hij knoeit niet alleen in zaken; hij doet het ook in zijn gehele leven, met het gevolg dat hij eindelijk aangehouden wordt en meteen totaal mislukt, van alle schijn en leugens beroofd, zich zo eenzaam en vernietigd voelt als het maar mogelijk is. Onze lezers begrijpen de wekroep die achter de geschiedenis weerklinkt: het geluk is slechts mogelijk als het op eerlijkheid en de eerlijkheid als ze op een zedelijk geleide wil gegrondvest wordt. Hella S. Haasse won tijdens het voorbije winterseizoen de Internationale Atlantische Prijs met haar roman "De Ingewijden", die in 1957 uitkwam. Thans schonk zij ons "Cider voor arme mensen", het relaas van een reis door Frankrijk van een gehuwd man met een verloofd meisje, relaas dat merkwaardig mag heten, omdat het zo treffend alle kwaliteiten en gebreken van de hedendaagse Hollandse roman, die cerebraal en sterk psychologisch is in het licht stelt.

Een overgang naar het werk van de jongste generatie wordt gevormd door *"Taal noch Teken"* (1960) door *Willem G. Van Maanen.* De betekenis van dit verhaal ligt vooral in het meesterlijk vermogen van de auteur om met vage aanduidingen een wereld met eigen gebeurtenissen en toestanden te suggereren. Zo zet hij de verbeelding van de lezer aan het werk en schept een atmosfeer, waarvan een beklemmende ofschoon niet redelijk verantwoorde angst uitgaat. De hoofdpersoon uit "Taal noch Teken" is een toneelschrijver, die zijn roem overleefd heeft en nu, door een slepende ziekte aangetast, op zijn einde wacht. Zijn dochter vraagt een gewezen acteur haar vader nogeens te komen opzoeken, om zijn kunstenaarstrots weer te doen opleven. Die speler voert daartoe een bedrijf uit het werk van de zieke op, dat met de huidige toestand van deze laatste een sprekende gelijkenis vertoont. Maar de schrijver wordt daardoor zodanig getroffen, dat hij een der spelers doodt. Hij wordt aangehouden en schijnt in de gevangenis zelfmoord te plegen. Van een heel andere aard is natuurlijk de bundel essay's die *Prof. Dr. A. Westerlinck* onder de titel *"Wandelen al Peinzend"* aan de problematiek van de Vlaamse Beweging en de hedendaagse romanletterkunde heeft gewijd. (Een fragment uit deze beschouwingen is in het "Tydskrif vir Letterkunde" verschenen).

Onder de jongeren eindelijk komen vier schrijvers voor, die zich tijdens het verlopen jaar bijzonder verdienstelijk gemaakt hebben. Dat is in de eerste plaats *Ward Ruyslinck* met zijn novellenbundel *"De Madonna met de Buil* (1959). Wij zouden hem als een realist kunnen beschouwen, maar zijn realisme is niet tot een beschrijving van uiterlijkheden

beperkt. Wat zintuiglijk waarneembaar wordt, blijkt voor hem een teken waardoor andere, groter, belangrijker werkelijkheden aan het licht kunnen treden. Hij is bovendien een wijs mensenkenner en vooral nog een stylist die over een benijdenswaardige taalvaardigheid beschikt. Hem lezend hebben wij aan een verwantschap met Böll, Buzzati en Stolpe gedacht.

Nuchterder op de dingen ingesteld is *L. B. Carlier,* die met zijn vierde roman *"Piraten"* (1960) zijn gezond en overtuigend talent heeft bewezen. Zelf als loods vertrouwd met de zee, handelt hij steeds over de avonturen van zeevaarders, die in strijd met de natuur en vijandige menselijke machten moeilijke opdrachten vervullen. Men zou in hem een verlate aanhanger van de Nieuwe Zakelijkheid kunnen zien, was het niet dat er in zijn werk ook een lyrisch element voorkomt, dat, als een bloemerank tegen een moderne huisgevel, aan het doelmatige de schoonheid van de poëzie toevoegt. Sterk lyrisch en toch niet zodanig dat het een euvel wordt, is *"Verloren Zomerdag"* (1959) van *Lia Timmermans.* Met dit tedere en ontroerende boek, heeft de dochter van Felix Timmermans de grote naam die zij draagt eer aangedaan. Het gegeven lijkt zo eenvoudig als het maar kan: een meisje van vijftien jaar schenkt voor de eerste maal haar hart weg aan een man, die het niet eens beseft, te meer daar er andere vrouwen zijn tegenover wie hij liefde huichelt, om ze achteraf met een verwoest geluk achter te laten. Een ervan pleegt zelfmoord, een andere vlucht weg van het dorp waar ze veel jaren gewoond heeft en het meisje, heldin van het verhaal, begrijpt dat er voor haar iets voorgoed verloren gegaan is, de lieve droom namelijk die zij over het leven en de mens gekoesterd had.

In de jongste jaren zijn wij getuige van een verheugende herleving op toneelgebied. De schouwburgen in Noord en Zuid brengen meer stukken van Nederlandse auteurs voor het voetlicht, inzonderheid dan van jongeren, wie het zeker niet aan bekwaamheid ontbreekt. Alleen zijn zij soms het slachtoffer van vreemde invloeden, die zij nog niet volledig overwonnen hebben en offeren zij doorgaans te veel aan het eksperiment, om het, althans naar buiten beschouwd, eens anders dan hun voorgangers te doen. Toch worden zij, zoals Eysselinck, Van Hoeck en Claus, ook in het buitenland gespeeld, hoewel "Een Bruid in de Morgen" van laatstgenoemde te New York allesbehalve gunstig werd onthaald.

Het naturalisme van Claus schijnt school te maken, zoals

op grond van *"De Zwanen van de Theems"* (1959) van *Cees Noteboom* vermoed mag worden. Onder de weinige spelen die in boekvorm verkrijgbaar zijn, heeft dit drama de meeste goed- of afkeuring gaande gemaakt. Het wordt door drie personen gedragen: Huydecooper, een stokoude sergeant-majoor, die zich voor kolonel uitgeeft; Anna zijn vereenzaamde nicht, die bij hem inwoont, en tenslotte Harry van der Meer, die in de villa van Huydecooper een kamer gehuurd heeft en zich aan Anna vergrijpt, waarop hij door de sergeant-majoor doodgestoken wordt. Men waant zich naar de tijd van Strindbergs "Freule Julie" en "De Vader" teruggevoerd.

Zo stelt men vast dat de kunstbeweging steeds in cirkelvorm verder gaat, zodat zij een bestendige herhaling blijkt. De motieven keren terug en slechts enige levenshoudingen zijn mogelijk; verschillend is echter de atmosfeer van de tijd en het waarmerk der scheppende persoonlikheid. Tenslotte komt het op de oorspronklijkheid, de goede smaak en de taalkennis, op het vermogen tot inbeelden en verbeelden, van de scheppende persoonlijkheid aan.

JAN COETZEE

FLAMINK BY SMELLY CREEK

flamink
jy staan met jou stertkant teen die lug
waar jy soms in grasievolle vlug
sweef deur die blou domeine
van die ongetemde wind
en dans op dun rooi steltjies
die riel van 'n benoude kind

die afkopslang hang uit jou bors
'n dermlike wit gepluimde wors
wat lei na die bodemlose put
waar honger in 'n slymvlies
saamgebondel sit

hy dwing jou af
af na die slymerige draf
van fabrikaat en fabrikant
flamink
dat jy so hier met jou kop
in hierdie stink
sotlik vir kos
heen en weer rinkink

flamink
met jou stertkant teen die lug
hier is jou skoonheid
niks meer as 'n klakkelose klug,
myne is korter as jou wit dermlike nek
maar dit lei na dieselfde afskuwelike plek

SWART EN WIT

laat in my
die woede teen die smart
dat ek die pyn
self oop kan skeur
en elke bitter droesem
uit sy hart
als op kan suig
en ook nog meer begeer
dat ook die helwit vlam
van ganse vreug
my siel
met juiging kan verteer
dat ek nooit vaal
gaan lê en sê
dit is U wil o Heer

PAASGEBED
(by randse paasskou)

o die groen blaar
o die groen blaar
die blink staal bloed
in die asfaltaar
kom kyk ons god
dis klaar
dis klaar
o die groen blaar

STADSMIS

soms sif skoonheid
stil uit tydloosheid
in tyd se donker nis
om voor die son
oor kerk bank tronk
te tas
krimp dan ineen
en ween
koue dou
aan roetswart
bloekomblare
treinspoor en
fabriekspilare

'KS TIK

swa
rt
lê di
kimmy
'ks tik
innie
pik
slik
die dong
kr vler
kr oer
die pik
skr
ik
loer
opblo
ke ys
krul
stu
ke vleis
die pik
se ys

ABEL COETZEE:

Stem van die Gewete in die Afrikaanse Romankuns

Elke denkende mens wat die massa boekeproduksie in Afrikaans gadeslaan, kan nie anders as om te vra: Hoeveel daarvan het maar enigsins 'n mate van blywende waarde? Ons maak 'n steekproef. Die jongste volledige gegewens tot my beskikking dek die jaar 1957. Toe is daar 149 romans in Afrikaans gepubliseer, en 718 kortverhale en 74 vervolgverhale in tydskrifte. Hoeveel daarvan het ons na bietjie meer as twee jaar, nog bygebly? Ek noem die blywende deel: *Dakkamer en Agterplaas* deur Rabie, *Kwartet* deur M.E.R. en ander, *Gonnakolk* deur Mikro, *Die Koms van die Komeet* deur Anna Louw, *Die Man van Cirene* deur Frans Venter, en *Swartwitpens* deur Vermaas.

In September 1959 wy Alan Paton, as bydrae tot die sg. *Wonder van Afrikaans* en as waardebepaling, sy aandag aan die Afrikaanse romankuns. Hy begin met 'n stelling: Engelssprekende letterkundige kringe in Suid-Afrika glo dat die Afrikaanse roman in verval is (*English Studies in Africa,* 11/2, Sept. 1959, bl. 159-166). Onomwonde en sonder 'n woord van verklaring neem hy aan dat hierdie veronderstelling juis is, en omdat dit juis is, dien dit as sy uitgangspunt vir sy bydrae tot die taalfees, waarin hy 'n verklaring probeer vind vir wat hy so arbitrêr vasgestel het.

Eers gee hy toe dat die verval nie aan die taalmedium gewyt kan word nie, daarvoor is Afrikaans te lewenskragtig. Dan, na aanleiding van niks, vra hy sommer dwarsweg: „Wat het die Afrikaanse digter wat die Afrikaanse romanskrywer nie het nie?" Sy antwoord hierop sal u netnou maar stom van verbasing laat.

Die tekortkoming skuil nie in die taal nie, en sekerlik nie in die aanleg en bedrewenheid van die Afrikaanse romanskrywer nie. Is daar die een of ander geestelike hindernis? Hy beantwoord sy eie vraag só: "The repressed fear of hostile literary criticism is said to be a powerful inhibitory factor. Is it not possible that the fear of hostile social criticism is equally inhibitory? And is that not perhaps the greatest contributory cause of the decline of the Afrikaans novel?" M.a.w. die Afrikaanse romanskrywer se sosiale gewete.

Nou moet ek erken dat die aangehaalde sinne geensins ons geesdrif gaande maak as toonbeeld van helderheid van

formulering en van segging waarop mens met reg aanspraak kan maak by so 'n omstrede onderwerp nie. Probeer ons dit uitlê na alkante toe, ontdek ons dat sy woorde twee betekenisse kan hê. Jy kan lees: Die onderdrukte vrees vir vyandige letterkundige kritiek is volgens bewering 'n magtige stuitende faktor. Is dit moontlik dat die angs vir vyandige maatskaplike kritiek net so stuitend werk? M.a.w. die Afrikaanse romanskrywer het 'n onderdrukte vrees dat andere sy letterkundige produkte vyandig sal beoordeel, en hy het 'n vrees dat ander hom maatskaplik vyandig sal beoordeel, en dit is moontlik die rede vir die verval van ons romankuns! Nou is ek heeltemal dom, want ek begryp gladnie hoe angs vir maatskaplike kritiek op hom die Afrikaanse romanskrywer swak sou laat skryf nie. Die enigste moontlike uitwerking sou wees dat hy letterkundig heeltemal weier om sy hand op papier te lê.

Daar is 'n tweede uitleg moontlik: die Afrikaanse romanskrywer is bang dat sy werk vyandig gekritiseer sal word: daardie vrees onderdruk hy, maar dit affekteer die gehalte van sy skryfwerk. Kragtiger nog is die vrees om maatskaplike kritiek uit te oefen, en daarom skryf hy sleg.

Albei uitleggings lyk vir my ewe raar, daarom lyk dit die beste om maar aan te neem dat Alan Paton bang was om reguit te sê wat hy bedoel, nl. dat die Afrikaanse romanskrywer 'n dubbele angs ken: 'n onderdrukte angs dat hy swak letterkundige kritiek sal ontvang en 'n angs om kritiek uit te spreek op sy samelewing. Hy ly dus aan 'n dubbele slegte gewete. Angs in hierdie sin is 'n negatiewe faktor, vandaar die verval van die Afrikaanse roman.

Nou sal ons verwag dat Alan Paton, wat nie 'n Afrikaanse romanskrywer is nie, heel manmoedig en manhaftig die Afrikaanse skrywers sal noem wat hulle plig versaak. Mens dink hier aan enkele van hulle: Holmer Johansen, Mikro, Willem de Klerk, Frans Venter, Van Blerk, Anna Louw. Maar dit doen hy nie. Hy is by voorbaat "not concerned to judge individual novelists; it is the failure of the group that I am endeavouring to understand." Dus, sommer algemene gevolgtrekkings, waardeur hy bereik dat hy nie sal hoef bewys te lewer van sy gedetailleerde kennis van die Afrikaans romankuns nie. Vir sy doeleinde is 'n algemene indruk toereikend, en hoe algemener, hoe veiliger.

Die tweede deel van sy betoog wy hy aan 'n karakterisering van die Afrikaanse geesteswêreld. As Engelssprekende stel hy dan vas: "It is deep in the Afrikaner's soul to cherish 'one's own'. It would be hard to name a racial

group in the entire world where the 'own' is so fiercely cherished." Net die eie is heilig, net die eie kan geken word, net deur die kennis van die eie kan mens opklim tot 'n kennis van die mens. Opslorping is net te regverdig wanneer die eie opslorp; sodra die eie opgeslorp word, is dit verfoeilik. Smuts se holistiese opgaan in steeds groter eenhede is verwerplik. Die kerk moet jou eie wees, die skool jou eie. Die Afrikaner se hoogste godsdienstige en maatskaplike waardes is vervat in Christelike-Nasionalisme (met koppelteken).

En nou, danksy die Voorsienigheid, aldus Paton, het die Afrikaner se eie geseëvier. Na stryd en verguising besit die Afrikaner tans onbelemmerde gesag. Dié gesag word aangewend om die eie te verskans, en daarom is dit ook nodig om die ander se eie te verskans. Die aanraking tussen die eie eie en die ander eie moet beperk word tot wat nodig is vir hulle voortbestaan. Dit moet geskied in die letterkunde, politiek, onderwys, selfs in die godsdiens, alhoewel aan die kerk 'n mate van selfbeskikkingsreg toegestaan word.

Moeilik is die vraagstukke wat hierdeur vir die Afrikaanse romanskrywer geskep word, so gaan die betoog voort. En dan volg die mees ontnugterende beskuldiging aan die adres van die Afrikaanse romanskrywer, gestel in die vorm van 'n retoriese vraag, wat daarom sy eie antwoord inhou: Durf die Afrikaanse romanskrywer 'n mate van selfbeskikkingsreg opeis vir sy kunssoort? "I do not merely mean: will he be brave enough to do it in the privacy of that room where he writes? I do not merely mean: will he be brave enough to do it? I mean also: will he be psychologically capable of it?" Hierdie verbasingwekkende retoriese vrae word onmiddellik deur nog so 'n vraag gevolg: "Would he not rather turn, if he is so gifted, to poetry? Because poetry has a secret language, not open to inspection. At least, not yet." Nou weet ons die Afrikaanse digter het, wat die romanskrywer nie het nie.

Laat ons nou duidelikheidshalwe saamvat al die merkwaardige dinge wat Paton tot hiertoe gesê het:

1. Die Afrikaanse romanskrywer het nie die moed om buitekant sy skryfkamer vrye beskikkingsreg vir sy kunssoort op te eis nie;

2. Die Afrikaanse romanskrywer is geestelik te bevange dan dat hy tot so 'n eis in staat sou wees;

3. Daarom kry ons geen romanskrywers in Afrikaans nie, maar digters, want die digters word tog in elk geval nie verstaan nie.

Dan gaan Paton heen en ontleed die moeilikhede waarmee die Afrikaanse romanskrywer te doen kry, en sodoende klim hy stadig op tot wat hy eintlik van die Afrikaanse romanskrywer verwag, en omdat hy in sy verwagting bedroë is, slaan hy oor tot verbolgenheid. Die Afrikaanse skrywer word belemmer om oor Suid-Afrika oor die algemeen te skryf en om sy tydgenootlike lewe as 'n eenheid te sien. Dit kom so omdat dit, volgens Paton, die beleid van ons regeerders is om volgens wet en gebruik die aanraking tussen groepe uit te skakel. Omdat die Afrikaner nou nie net te doene kry met die vreemde wat hy volgens wet nie kan ken nie, maar ook met die vyandigheid van sy eie eie, sal hy geensins nie-blanke karakters kan uitbeeld nie. Ons nader 'n tydstip waarin sulke romans slegs geskryf sal kan word deur amptenare, en waar die meesterstuk van die genre geskryf sal word deur die Minister, ingelig deur sy hoë amptenare wat geskool is in die gedagtes van ander, en "acquainted with their reasonable wants and aspirations." Aldus Paton. Maar nog meer. Die Afrikaanse roman weerspieël geensins die Afrikaanse werklikheid nie. "Who would know from his novels something of the events that appear daily in our newspapers, and fill the minds of readers, Afrikaners as well as others, with fear and speculation?" En daarmee is die bobbejaan eindelik uit die sak en ons ken die naam van die gogga wat hierdie man byt.

Daar is tog enkele Afrikaanse romanskrywers wat sy goedkeuring wegdra. Hy sê: "I am not suggesting that there was a golden age of Afrikaans fiction, and that this came to a mysterious end; rather it was an infant that never grew up. But it was a promising child." Dan noem hy *Ampie,* 'n meesterstuk uit 'n enkelvoudige tydvak wat beëindig is toe die landsbestuur in 1939 besluit het om oorlog te verklaar; dan is daar *Sy Kom met die Sekelmaan* — wat eintlik die aard van 'n gedig het. En dan *Die Held, Ons — Die Afgod,* en *Reisigers Na Nêrens.* Hulle verdien die naam van roman, want wat daarin gepoog word — alhoewel nie met welslae nie — is "holding up a mirror to society". Volgens Paton is Van Den Heever, Rabie en Van der Berg nie suksesvol nie, omdat hulle die Afrikaanse lewensdeel uitlig uit die totale lewensbeeld en dus nie die lewe as eenheid sien en beeld nie — al gee hy toe dat Hettie Smit dieselfde doen en 'n juweel lewer, maar uit sy aard is dit eintlik 'n gedig! Maar selfs as ons die skrywers in aanmerking neem wat sy goedkeuring wegdra, wie onder hulle "thinks to write about Afrikaner power, which is the greatest fact in our present life? Who writes about the

transformation of South African society by Afrikaner power? Who writes about the Afrikaner mission to regulate and order the lives of all other people? Who writes about the resistance of other people to this power? Who sees the Afrikaner drama as a drama of Africa, or as the great question mark that throws its shadow over us all?" Die afleiding is: net die Engelse skrywers doen dit. Dan gaan hy voort: "I shall be accused no doubt of wanting to see every Afrikaner novelist taking to writing political novels slating the Government. But that is not my wish. All I want is that the Afrikaner novelist should look at South Africa, and interpret and illumine my life and times for me in his own Afrikaner way . . . What is important for me is . . . communicating his truth about the world we live in. But this is what he seems to me not to be doing. Or if he is doing it, it is a truth I do not recognize. Both conclusions are most melancholy."

Sonder om onreg te pleeg, kan ons dan saamvat deur te sê dat Paton van die Afrikaanse romanskrywer eis:

1. Dat hy ook 'n spieël sal hou voor die oë van sy gemeenskap dat hulle hulle self kan sien soos Paton hulle sien;
2. Nie dat hulle almal romans moet skryf om die staatsbeleid aan te val nie, d.w.s. apartheid, maar dat hulle die toneel in Suid-Afrika só moet betrag en belig dat ook Paton se lewe daarin vir Paton helder word;
3. Dat die Afrikaanse romanskrywer sý waarheid aangaande die tydgenootlike lewe moet uitbeeld.

En dan volg die skokkendste slotsin wat 'n volwasse nog ooit in ons land gesê het van die letterkundige produkte van sy teenoorgestelde tydgenote: Indien die Afrikaanse romanskrywer tog die waarheid gestel het soos hy dit sien, dan is dit 'n waarheid wat ek, Alan Paton, nie erken nie! M.a.w. wat ons as waarheid sien, en wat hy as waarheid sien, is verskillende waarhede. Hoe naby kan 'n mens daaraan kom om vir die ander man te sê hy praat onwaarheid, sonder om dit in soveel woorde te sê?

Voordat ons kan dink aan 'n antwoord, moet ons eers hierdie prikkelende aanklag teen die Afrikaanse romankuns helder formuleer. Alan Paton beweer:

1. Dat Engelssprekendes in die land glo dat die Afrikaanse roman in verval verkeer;
2. Dat die Afrikaanse roman in verval is omdat die Afrikaanse skrywer 'n bang japie is met 'n geestelike remming of bevangenheid wat sy skeppingsvermoë aan bande lê;
3. Dat die Afrikaanse romanskrywer nie die waarheid

aandurf soos hy dit om hom sien nie;

4. Dat, as hy tog sý waarheid uitgebeeld het, is dit 'n waarheid wat Paton nie erken nie, want dit hou nie die spieël voor die gesig van die Afrikaanse samelewing op 'n wyse wat Paton se instemming wegdra nie.

Hieruit en uit die hele gees van die stuk moet ons aflei dat die Engelse romanskrywers in Suid-Afrika wél die dinge doen wat deur die Afrikaners nagelaat word, dat die Engelse roman derhalwe in Suid-Afrika nie in 'n verval is nie, trouens dat die Engelse skrywers in Suid-Afrika geslaagde letterkunde lewer.

Graag wil ek die beoordeling van Paton se waardebepalings laat aan sy eie taalgenote. Teenoor hom stel ek dus menings van sy eie mense.

Ons begin met sy geïmpliseerde bevinding dat die Engelse romankuns in Suid-Afrika geslaagd is en in 'n bloeitydperk verkeer. Op 27 Februarie 1960, presies ses maande ná Paton se opmerkings, rapporteer die *Cape Argus* soos volg:

"Representatives of overseas publishing concerns are dismayed at the number and quality of manuscripts they are receiving from South African writers. The trickle of manuscripts that are being submitted have no hope of being published . . . Mr. Maxwell Arnot is the Cape Town representative of about 12 overseas publishing houses, yet he only receives an average of about one manuscript a week, which is invariably of poor quality. He said: 'In the post-war years there was an upsurge of South African writers — such as Uys Krige, Laurens van der Post and Alan Paton — who became international celebrities. Our group had high hopes when we opened our office here about ten years ago. It looked as if the upward trend would continue, but suddenly things died down. The position now is almost dormant.' Mr. Arnot blames this on a number of factors — restricted environment, the South African mood and our standard of education. Instead of getting the variety of experience through meeting stimulating people, our writers are immersed in minor details of South African history and the racial problem ('there is always this overriding pre-occupation with the political problem').

"Mr. Arnot believes the African novel has had its day, the racial aspect has been flogged to death. 'People want to read one *Cry The Beloved Country* — not six different versions of it,' he says. . . . Mr. G. Golzen, the local editor of an internationally known publishing house, criticized the lack of sophistication among South Africans. 'None of the manuscripts I have received in the last few years has been

remotely publishable,' he said. 'The awful influence of commercial radio and the serials which appear in the popular magazines shows terribly in their writing.'

"Mr. Golzen feels South Africans should try and improve their cultural, their literary background."

In byna identiese woorde verdoem Paton die Afrikaanse roman en Arnot/Golzen die Engelse roman in Suid-Afrika. Ironies genoeg, misluk die Afrikaanse roman omdat dit sekere eienskappe nie besit nie terwyl die Engelse roman weer misluk omdat dit wel daardie eienskappe besit.

T.o.v. Paton se eis aan die Afrikaanse romanskrywer dat hy so-te-sê 'n spieël voor die gemeenskap moet hou, verwys ek na 'n uiteensetting van Warren/Wellek: *Theory of Literature* (dr. 1955) waar hulle die verhouding letterkunde/gemeenskap bespreek, veral die volgende opmerking: "Questions are asked about the relations of literature to a given social situation, to an economic, social and political system . . . This sociological approach to literature is particularly cultivated by those who profess a specific social philosophy. Such critics not only study these relations between literature and society, but also have their clearly defined conception of what these relations should be, both in our present society and in a future 'classless' society. They practice evaluative, 'judicial' criticism, based on non-literary political, and ethical criteria. They tell us not only what were and are the social relations and implications of an author's work but what they should have been or ought to be. They are not only students of literature and society but prophets of the future, monitors, propagandists; and they have difficulty in keeping these two functions separate." (hfst. IX, 89-90). Dan gaan hulle voort: "The relation between literature and society is usually discussed by starting with the phrase, that 'literature is an expression of society'. But what does this axiom mean? If it assumes that literature, at any given time, mirrors the current social situation 'correctly', it is false; it is commonplace, trite, and vague if it means only that literature depicts some aspects of social reality. To say that literature mirrors or expresses life is even more ambiguous. . . . It is a specific evaluative criterion to say that an author should express the life of his own time fully, that he should be 'representative' of his age and society" (bl. 90).

Dus, Alan Paton beoefen in sy artikel sogenoemde normatiewe kritiek, 'n bekende handelwyse wat berus op verkeerde uitgangspunte en norms wat saamhang met alles behalwe letterkunde.

Warren/Wellek sluit hierdie hoofstuk af met: "There is great literature which has little or no social relevance; social literature is only one kind of literaure and is not central in the theory of literature unless one holds the view that literature is primarily an 'imitation' of life as it is of social life in particular. But literature is no substitute for sociology of politics. It has its own justification and aim." Daarmee vereenselwig ek my heelhartig.

Die antwoord op Alan Paton se vreemdsoortige beskuldiging is dus:

1. Die skyn wat hy by implikasie wil wek van 'n bloeiende Engelse romankuns in Suid-Afrika, word ontken deur bevoegde waarnemers aan sy eie kant van die kraal;

2. Die beeld wat hy ontwerp van die Afrikaner se geestestoestand en waarop hy sy beskuldigings en afleidings grond, is skeef, eensydig, en nie vry te pleit van ideologiese vooroordeel nie;

3. Die norms waarvolgens hy meet is ongeregverdig as letterkundige norms en daarom is sy gevolgtrekkings nie letterkundig geldig nie;

4. Gevolglik is sy beeld van die Afrikaanse letterkunde nie net heeltemal uit perspektief nie maar dis fragmentaries en dit strook nie met die werklikheid nie;

5. As laaste punt moet ons getuig dat enige onbevange beoordelaar, wat maar enigsins die Afrikaanse romankuns ken en wat sy kennismaking laat geskied het sonder vooringenomenheid, sal moet erken dat ons beste prosaïste geskryf het uit 'n eie lewenshouding wat gegroei het uit die omstandighede van elke bepaalde romanskrywer. Die Afrikaanse romankuns lê vol voorbeelde van die Afrikaanse werklikheid soos dit van tyd tot tyd gesien is deur Afrikaanse geeste wat 'n interpretasie probeer gee het van wat hulle as selfstandige, gevormde geeste waargeneem en opgeneem en verwerk het. Ons verwerp die aanklag van onvermoë, van onwaarheid, omdat dit nie strook met die feite soos hulle waargeneem kan word nie. Ons wys daarop dat die Afrikaanse romanskrywer die volle reg het om die lewe uit te beeld soos hy dit sien, om hom toe te spits op dié deel van die omringende werklikheid wat tot sy skeppende gees spreek, of om hom heeltemal en na eie goeddunke af te wend van die tydgenootlike bestaan. En net soos in enige ander letterkunde eis die Afrikaanse romanskrywer die reg op om beoordeel en veroordeel te word vir wat hy self persoonlik, gesondig het, en hy ontken die goeie reg van enige pseudo-psigiater-psigoloog om groepwaarnemings te maak van mense wat uit die aard van hulle

aanleg en bedrywigheid beskou moet word as enkelinge.

Maar laat ons nie Alan Paton se ongelukkige beskouings te swaarwigtig benader asof dit die enigste geval van sy soort is nie. Want dit is tog waar dat die Afrikaanse roman, ook van Afrikaanse kant, deur persone wat hulle voordoen as kenners en wat deur die gemeenskap as sodanig aanvaar word, maar te maklik onderskat word. Dit is so dat ook Afrikaanse beoordelaars in menige opsig nog moet leer lees, en 'n mens staan dikwels versteld oor die klaarblyklike onmag om te snap wat in bepaalde romans aan die gang is. 'n Mens dink byvoorbeeld aan Rederyker se aanklag in die jongste aflewering van die *Tydskrif vir Letterkunde* (September 1960) waarin hy met vers en kapittel die onderskatting van ons romans aan die kaak stel. So herinner ons daaraan dat beoordelaars maar tans eers besig is om *En Ek Is Nog Hy* (Van Melle) na waarde te skat, dat hulle maar tans eers begin om *Laat Vrugte* (Van den Heever) aan te voel as groot roman. En nog altyd word, om die een of ander onbegryplike rede, Mikro se *Toiingstrilogie,* gering geskat, terwyl die betekenis van *Die Wolkemaker* en *Die Uur van Verlange* (W. A. de Klerk), en *Reisigers Na Nêrens* (Willem van der Berg), langs mekaar, in dieselfde verband nog nêrens sinryk uitgebeeld staan in ons letterkundige waarderings nie. En dan is dit nog nie eers die einde van al die misvattings aan ons eie kant nie. 'n Mens dink maar daaraan dat Toon van den Heever se *Werkstaking by die Kleigat* van sowat 1920 af al as een van die skreiendste openbarings van maatskaplike ongelykheid in die Afrikaanse letterkunde te lees staan, maar wat deur 'n ganse leër van voordragkunstenaars, klein en groot, manlik, vroulik en onsydig, nog altyd, tot in die huidige hede, behandel word as 'n grap. As ons eie beoordelaars dan salig onbewus was van die waarde en betekenis van hierdie stuk, hoe moet ons beter begrip verwag van Alan Paton? In watter Afrikaanse letterkundige oorsig, met uitsondering van die beter aanvoeling wat openbaar word deur P. C. Schoonees, word die Afrikaanse volksverhaal in sy juiste perspektief gesien en na waarde geskat in aansluiting by die werk van die Hobsons, wat juwele is in enige taal, en waar word die vormskoonheid van die Afrikaanse diersprokie soos dit op sy suiwerste geopenbaar is in *Hasie by die Dam* van I. D. du Plessis geroem?

Ek kom tot die oortuiging dat die Afrikaanse roman onderskat word omdat wat werklik bereik is, nie bekend gestel is van bevoegde sy nie.

Ons verkeer in 'n baie ernstige tydstip in ons kultuur-

ontwikkeling. En nou verwys ek nie na die toestand in die Kongo of Njanga nie, wat ook maar net tekens is van dieselfde gebeure. Ek verwys na die dieperliggende beroering waaruit dit alles spruit: ons het gekom aan die einde van 'n kultuurtydperk, nie net maar aan die einde van 'n geslag nie, maar aan die einde van bepaalde soort waardes wat nou skynbaar uitgedien en afgedaan is, en dan staan ons vanself aan die begin van die nuwe. In hierdie omstandigheid is dit net natuurlik dat al ons kulturele prestasies van die verlede heroorweeg sal word om vas te stel wat waardevol is en wat nie. Van ons poësie is die herbepaling van waarde al geruime tyd aan die gang en daar is aanduidings dat die herwaarderings al reeds onderwerp word aan herwaardering. Ons is al geruime tyd besig om ondersoek in te stel na ons drama en toneel en om die oorsake van die ontstellende skynbare verval vas te stel in 'n poging om van nuuts af te kan begin. Dit is seer die vraag of onder al die tekens van verval die groei van die nuwe nie ongemerk reeds aan die gang was en dat die uitgediende inderdaad reeds besig is om vervang te word nie. En ons prosakuns — prosa is maar altyd die weeskindjie, die aspoestertjie wat met 'n pampoenspook afgeskeep word. Daar is te veel vooroordeel by ons gaande en dit word vir ons tyd dat ons die beneweling daarvan verbreek en dat ons met groter begrip kyk na wat ons reeds het en besit.

Die negatiewe benepenheid van beoordelaars soos Alan Paton en menige Afrikaanse waardebepaler moet ons nou maar opsy laat in die wete dat die armes van gees ons altyd sal bybly om ons nederig te stem — net soos die pou wat ook nie ontslae kan raak van sy skurwe voete nie. Maar dit is saak vir elkeen van ons wat ons besig hou met kunsskepping — drama, poësie of prosa — om te verstaan dat ons besig is met iets wat eiesoortigs is, iets wat aan hom self geoordeel moet word, iets wat sy eie aard het en na dié aard benader moet word. Nou is dit so dat die kunstenaar nie los staan van 'n gemeenskap nie, en dit is so dat kuns nie los staan van die lewe nie, maar kunsskepping is nie sosiologie of partypolitiek of wat ook al nie, en diegene wat kunsskeppings veroordeel of probeer waardeer uitgaande van sulke oorwegings alleen, moet noodwendig 'n verwronge beeld skep.

Elke kunstenaar, wat ook volwaardige en verantwoordelike mens en landsburger is, het die volste reg om aan sy lewenssiening vorm te gee soos hy dit *sélf* sien, onderworpe slegs aan die wetmatighede van sy siening as volwaardige, gevormde lewensbeeld, d.w.s. aan sy gewete as eerlike kunstenaar.

HERTZOG VENTER:

By die herdruk van

Agter my 'n albatros

(Anna M. Louw)

Afrikaanse skryfsters het die Afrikaanse leser die afgelope jare keer op keer verras met mooi kortverhale (dink maar aan die met die W. A. Hofmeyr-prys bekroonde bundel: *Kwartet,* en aan Elise Muller se *Die vrou op die skuit en ander verhale);* met verruklike essays (ek dink veral aan Audrey Blignaut se twee bundels: *In klein maat* en *Met 'n lied in die hart)* en ook met goeie dramas (Henriette Grove se *Die goeie jaar* en *Die glasdeur).*

In die bogenoemde werk van Anna Louw het ons nou 'n reisverhaal waarin die winste van veral ons essayskryfsters op breër vlak uitgestal word. 'n Roman is dit nie, maar 'n mens put daaruit dieselfde tintelende leesgenot as uit die allerbeste roman.

'n Reisbeskrywing kan so maklik saai word deurdat dit 'n opeenhoping word van beskrywings van plekke, mense en dinge wat gesien word. Hierdie reisbeskrywing boei egter van begin tot end. 'n Mens volg hierdie reis met 'n gespanne vreugde — van die eerste, pakkende sin af: „Wat sal dit nou help om dit weg te steek? My grootste vrees was die vrees vir verdwaal in Europa!" tot by die slotparagraaf: „En ek weet, soos so baie terugkerende reisigers al geweet het, dat ek voortaan my land met groter ontsag, met groter begrip en met meer toewyding as ooit tevore sal liefhê."

Ek sê dat ek dit van die eerste sin af geniet het? Nee, ek het dit reeds vroeër begin geniet. Daar is soveel Afrikaanse boeke met titels wat min verbeelding openbaar, dat 'n mens al dadelik hierdie boek met sy verbeeldingryke titel met meer as gewone verwagting opneem: Agter my 'n albatros — die albatros, daardie geheimsinnige seevoël waarvan die skryfster dít skryf:

> „Betowerd staan ek na hulle en kyk: sweef en sweef op daardie kragtige wieke, die prehistoriese koppe snaarstyf na vore gerek, die kil voëloë altyd op die golwe."

Die verwysing in die titel na hierdie bykans legendariese groot seevoël — wat ook vir Roy Campbell so bekoor het — nooi al dadelik tot die opneem en oopmaak van die boek.

Iemand wat 'n reis met welslae wil beskryf, moet oor 'n paar hoedanighede beskik. Eerstens moet hy bereis en ryp

wees, sodat sy gees die ervarings kan sorteer en die belangrikstes kan uitsoek — nie altyd die opsienbarende nie; dikwels juis 'n klein, selfs andersins oninteressante gegewe, waarby die gewone mens onagsaam verby sal loop, wat deur die skrywer met menslikheid gelaai word. Hierby sluit aan, tweedens, dat hy lewenswysheid moet besit om die ervarene vanuit 'n besondere hoek te belig en juis deur die ligval van die beligting van sy gees dit aantreklik en belangrik maak. Derdens moet hy 'n wye ervaring en kennis besit om met terloopse aanvullings en vergelykings met ander ervare dinge die beskrewene op te luister. En, vierdens, moet hy — anders het al die voorgenoemde dinge vir iemand anders weinig sin of smaak — ook die stylvermoë besit om dit op verrassende, prikkelende wyse in te klee, sodat dit ook die leser sal boei.

Dit is juis hierdie verdienstes wat Anna M. Louw 'n voortreflike reisbeskryfster maak. En al sou die leser nie altyd met haar bevinding of gevolgtrekkings saamstem nie, irriteer dit jou nie, omdat sy dit doen met so 'n spontaneïteit, menslikheid, oortuiging en veral vroulikheid, dikwels met 'n tikkie selfbespotting, dat die leser dit as 'n menslike ervaring beleef.

'n Paar voorbeelde:

„Elvira lyk soos 'n muis, 'n selfversekerde ,aristokratiese muisie wat die vryheid van 'n katlose huis geniet" (14).

„Die eerste dae verlustig ek my in die wolke: haelwit slingerrye swane, atoomontploffings van reuse-duiwelsbrode met grysblou stamme en wit wollerige koppe, gesterte prehistoriese monsters van skubbige wit cirruswolk hoog in die blou lug versteen en soms, onder, die seegebonde cumulusmassas wat hulle swaar van die reën oor die see haas soos donkergrys henne wat nes soek. Daar is ook dae wanneer 'n bruidskis uitgepak en oor die hemel gesprei word: fyn wit kant en ogiesborduurwerk, gaassluiers en vorstelike volstruisveerwaaiers. En op 'n dag — soos in 'n droom — sien ek ou oom Mooi-Albertjie wat so ipekonders was dat hy nooit kon werk nie en vir ons kinders eindelose stories vertel het van Jakkals en Wolf en ou Voetoog. Hy lê op die naat van sy rug, wit baard netjies glad gestryk, wolkkussing onder sy eerbiedwaardige kop. Ek waai vir hom, maar hy kyk nie. Miskien het hy weer so 'n pyn agter die blad. Bo van die stuurdek waai iemand terug. Dis die blouoog-seun wat vir offisier leer. Hy het gedink ek waai vir hom" (!) (18).

(Oor 'n trekvoëltjie): „So 'n klein bondeltjie bloed en vleis en vere om die seevertes alleen aan te pak! Tog is daar die versekering dat die Hemelse Vader ook vir die voëls van die hemel sorg" (27).

„Die laaste nag op see slaap ons maar bitter min. Hans is net so rusteloos soos 'n Karooboer wat reent verwag" (41).

„Die ou verlede word met Hollandse sorgsaamheid in Delft opgepas, dis die indruk wat ek kry" (47).

„Hierdie gebou (die Domkerk van Keulen) is meer as 'n gebou. Dis 'n lewende organisme. Dit het 'n kragtige persoonlikheid. Dis nie gebou nie; dit het opgestaan uit die aarde uit 'n saad wat selfregerend was. Dit het soos 'n blom, of 'n oerou druipsteen, gegroei. Oor 'n tydperk van seshonderd jaar het die katedraal gegroei tot

Gods eer, in die voedende dampkring van godsdienstige ywer waarvan ons vandag maar 'n flou begrip kan vorm" (59).

„Toe die hekkie oopgaan, draf ons medepassasiers gretig na die wagtende vliegtuig soos vee na 'n soutpannetjie" (66).

„Mense wat regtig swaargekry het, . . . vertel nie met ontroering van hulle ervarings nie, eerder met 'n soort onverskillige onbevangenheid asof die swaarkry so bitter was dat dit ook die neiging tot selfbejammering en naastebejammering uitgeroei het" (69).

„Die deur is gesluit met die geslotenheid van 'n deur wat nie dikwels oopstaan nie" (80).

Die Ryndorpies: „trossies pêrelgrys huisies deurboor deur 'n kerktoring, met kort straatjies en 'n lang verlede" (83).

Verkwikkend is die „verraad van Wiesbaden": die episode met die pannekoek (81-85); die besoek aan die mooi Switserland en aan die Jungfrau; haar indruk van die sobere, vreedsame Switsers:

„Vrede, lyk dit my, klee hom in sober swart en kyk weg van die wêreld wat hy dien" (96).

Boeiend die beskrywing van die besoek aan Parys en haar indrukke van die Franse en hulle gewoontes, o.a:

„Die lang stawe gaterige Franse brood word net so nakend op straat rondgedra. As hulle gesels, maak hulle gebare met die brood, as hulle rusie maak, moker hulle mekaar met die brood en as hulle honger voel, kou hulle op straat aan die brood" (102-103);

ook van die besoek aan die Louvre.

En so kan ek aangaan om sitaat op sitaat te vermenigvuldig. Deur die bril van hierdie toeris en „gekleur deur die prisma van haar gees" sien ons Oostenryk, Switserland, Holland en België, en eindelik kry ons haar vriendelike opsomming van die Engelse:

„Hulle laat my dink aan 'n kraal stampvol mak diere wat beweeg word deur 'n swyende verbond om nie op mekaar se tone te trap nie" (189).

En interessant is dan haar opmerking as sy in Hydepark geluister het na 'n nie-blanke wat onsamehangend geraas het oor ras en kleur:

„Ek kom tot die verbasende oortuiging dat ons in Suid-Afrika 'n liefde en trou teenoor ons nie-blanke medelandgenote (sic!) het waarvan ons self soms nie ten volle bewus is nie. Dis 'n liefde en trou wat met die eeue van saamleef spontaan gegroei het, . . . 'n kwessie van die eer gee waar dit toekom" (193).

Ek het bykans 'n bloemlesing saamgepak. En dis maar enkele voorbeelde tussen tientalle wat ek aangemerk het om hulle pakkendheid, hulle lewenswysheid, hulle interessantheid en die sprankelende styl. Moontlik sal dit ander lesers noop om ook voor die albatros uit te vaar.

J. C. MEIJ:

Proe-proe aan Klipwerk

Die mees fundamentele vereiste wat 'n gegewe produk aan 'n kritikus stel, is seker: oordeel my aan die hand van wat ek is. Daarom dan die vraag: wat is „Klipwerk"; waaraan moet ek hom meet?

Die eerste probleem wat hom by die lees van Klipwerk na vore stoot is: is „Klipwerk" een gedig of baie gedigte? Gewoonlik bied 'n digter in die inhoudsopgawe 'n naam van 'n gedig aan, of as die gedig „naamloos" is, word die eerste reël daarvan geneem. In „Klipwerk" is daar slegs één naam: „Klipwerk" en die inhoudsopgawe wys nie dat die ander moontlike gedagte, van mekaar geskei deur 'n asterisk, alléén staan nie. Inteendeel, die asterisk word ook dikwels gebruik om onderdele van 'n gedig aan te toon. (Vgl. Ballade van die Bloeddorstige Jagter.)[1] Dus: „Klipwerk" se „dele" word as 'n geheel aangebied (met onderafdelings): 'n „gedig" dus.

'n „Gedig" wil egter as geheel beoordeel word, nie brokstukgewys nie. Daarom moet „Klipwerk" as 'n geheel voeg om geslaagd te wees. „Klipwerk" bied hom aan as kleurlingliedjies, sou mens kon beweer; en hieroor, glo ek, sal meeste monde saam praat. Aan hierdie norm geoordeel is „Klipwerk" geslaagd. Ook ritmies is hierdie onderdele eensoortig. Die onderliggende metriese maat is jambies. Op hierdie vlak is die patroon eensoortig.

Hierdie „gedeeltes" dra die stempel van volkskuns: die rol van die natuur, die gedurige sinspeling op die liefde of seksuele, die preokkupasie met die dood, en die gedurige trom van die bonatuurlike. Hier bevredig „Klipwerk" as eenheid.

Daar is twee verse, wat, omdat hulle nie soos die meeste ander herhaal word en ook nie wat hul wyse van aanbieding betref weer te voorskyn kom nie, apart staan:

> . . . dat akkers op die sinkdak val
> en vye op die ringmuur breek

Hierdie is die twee openingsverse, gegee in die vorm van 'n mens. Die probleem is egter: wat is die wens? Interpreteerbaar — op die gewone kommunikasievlak — is dit nie. Hierdie gegewe suggereer dan dat die gedig nie op die gewone rasionele manier geïnterpreteer wil wees nie. Aan die ander kant bied die versreëls 'n patroon: 'n natuur-

gegewe pletter hom telkens op 'n kultuur — of miskien nader, mensgegewe. Hierdie gedig wens dus gesien te word as natuurgegewe wat teen kultuurgegewe bots. Om na die eerste afleiding terug te kom: hierdie gedig wil nie op die gewone rasionale vlak beweeg nie.

Tematologies speel hierdie verse hoofsaaklik op die nierasionele: die emosies. C. J. M. Nienaber noem die volgende temas: „die verydelde liefde en die ongenaakbare liefde; die selfspot en die spot met andere; die raaisel en die kwinkslag wat voortkom uit die raaksien van die vermaaklike kant aan 'n in wese droewige situasie; en daar is die folkloristiese"[2] en vroeër in sy artikel sê hy: „Die gediggies uit ‚Klipwerk' kan ons dus beskou as een voortdurende herformulering van 'n gemis." Ook hulle interpreteerbaarheid is meer versluierd as in meeste gedigte.

Die tweede afleiding noop ons om te soek vir 'n opposisie tussen natuur en kultuur. Dat die natuurgegewe en kultuurgegewe baie teenoor mekaar gestel word sien ons dikwels, bv.:

> die katstert en die angelier
> verlede jaar was die kind nog hier
> die swart rapuis en die besembos
> hoe't jy my dan nou gelos.

Ook:

> jangroentjie brand die middag
> hy maak die kafhok groen
> wêreld wêreld wêreld wyd
> die kind sy wou dit doen

Andersyds kan mens hierdie wisselwerking sien as die emosies wat deur die beskawingsnorms ingeperk behoort te word:

> Jafta, Josef en September
> wie was by die vat
> Oktobermaand is nagmaal
> wie was by die vat
> watter man moet die trouwyn koop
> watter moet die kind laat doop
> wie was by die vat
> slaat die prop in, slaat die prop in
> wie was by die vat
> Kat
> se blad

Díe gedeelte wat met die „sindeling" te doen het wat later agter die „skudkraal" met die „lamvleis" sukkel, is nog 'n goeie voorbeeld. Elkeen van hierdie „gedeeltes" besit nie altyd hierdie dubbelslagtigheid nie, maar word tog gewoonlik gebalanseer deur die daaropvolgende gedig. Was hierdie wens in elke „onderdeel" verwesenlik sou die gedig as eenheid wel sterker gestaan het.

Daar is egter nog 'n belangrike gebied waarop ons hierdie

gedig as geheel kan beoordeel, en dit is die konvensionele hulpmiddels by die aanbied van die taalsimbool op papier: die leestekens. Louw het blykbaar weggedoen met komma's en punte om die irrasionele te beklemtoon. Waar hy dan die komma gebruik is dit nie om die betekenis nie, maar om die ritme. Die punt egter word soms gebruik sonder dat òf die ritme òf die betekenis veel by die afwesigheid daarvan sou verloor:

die sendeling die kom so
reier-reier-langbeen aan.
Is dit dalk weer oupa Jonas?
Sie-en-ga dit is sy naam.

Terwyl hierdie voorbeeld voor oë is kan mens nog 'n eienaardigheid sien: die gebruik van die koppelteken. Hoekom 'n koppelteken tussen „Sie-en-ga"? Is dit om die betekenis? Wat dan van die volgende:

„die geel-perskè en die langelyspeer"
of „die ryp sit teen die drolle-tjies"

Hier is die koppelteken tog gebruik om die ritme vol te hou. In die volgende verse is die betekenis weer van meer belang:

„die dun-lyf-meid se bok"
of „klippie-nat-spu," vang die haas"
of „hou, Vermaak-se-water, hou."

T.o.v. lg. versreël is die uitlating van W. A. de Klerk oor die taal uit hierdie gebied ter sake. Hy beweer: „Die Sederbergskontrei munt uit wat betref poëtiese naamgewing Dink maar aan plekke soos Sterbosbank, Muller-se-water, Katbakkies." Vermaak-se-water en Muller-se-water lyk baie op mekaar. Louw gebruik dus hier die koppelteken om nie alleen semantiese redes nie, maar ook om die ritme. Met sy koppeltekengebruik en komma-gebruik het hierdie gedig 'n brokstukbestaan.

Dit is interessant om daarop te let dat Van Wyk Louw nog 'n tegniek gebruik om eenheid aan die gedig te probeer gee. (Het hy self die stukbestaan begin aanvoel?) Hy laat etlike tema's en verwysings hulself plek-plek herkenbaar herhaal. Die krapstorie kom byvoorbeeld driemaal voor:

1. moenie krap waar die vlooi byt
krap is vrye, vrye slyt
11. moenie krap, moenie krap.
Raai waar byt die vlooi

111. moenie krap waar die vlooi byt
Dassie loer by die klipskeur uit
krap jy sal die seuns kyk

Hier is dan 'n oënskynlike herhaling wat by die derde keer 'n hoogtepunt bereik. So ook kom die hoenderhaan drie keer voor en die verwysing na „satan" en „beeljal" ses keer. Na één so 'n voorval reeds, wil 'n mens nog ander dergelike herhalings soek. Daar word dus 'n „verwagting" geskep, en dus word daar gelees om dié verwagting verwesenlik te sien. Ongelukkig kom daar elemente voor wat nie herhaal of voltooi word nie, bv.

Eli het van moord gehoor
gats toe slaan hy agteroor

Weer eens ly „eenheid" daaronder.

Maar hierdie gedig red homself deur sy onderafdelings 'n eie bestaansreg te verseker. 'n „Gedeelte" soos die volgende kan alleen staan:

Die ribbok staan op steeltjies
sy rittel van die wind
waar is daardie biese-tjie
se vèt-bòùd kind

neusie jy moet raak ruik
hierdie ronde klip-piè
is 'n wit rivier-klip
bokkie, en hy stink nie

Dit is sulke „gediggies" binne die „gedig" wat „Klipwerk" sy besondere skoonheid gee.

By die lees van „Klipwerk" voel mens enersyds verheug oor die brokstukke poësie, maar voel mens andersyds teleurgestel dat die „Klipwerk" nie tot 'n sterker eenheid uitgegroei het nie.

VERWYSINGS

1 „Sekel en Simbaal" — G. A. Watermyer.
2 „Standpunte" nuwe reeks no. 40 (Jaargang X Nr. 4): „Klipwerk — Sluierwerk" — C. J. M. Nienaber.
3 W. A. de Klerk-artikel: „Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal" jg. 1 nr. 2.

A. J. B. RAWLINS:

GEDAGTES VAN DIE ALLEENLOPER

In watter jaar sal ek
die skanse van die enkelbed
moet prysgee
vir die grense van die dubbelbed!

Hoelank moet ek nog
soos 'n voëltjie in 'n kou
my gedagtes hou
tussen vier mure
en die radio!

Wanneer sal ek tevrede
soos die vredesduif,
vir haar 'n wiegeliedjie koer
en ophou kuif!

REBEL

Hul noem my 'n rebel;
links van my maats,
en nie in tel.

Hul noem my 'n rebel;
trek skouers op,
en noem die hel.

Hul noem my 'n rebel;
en Hy?
Was Hy dan nie by God
in tel?

OU STAATMAKER

Die reën het hy teen dagbreek
op die dak hoor druis,
soos opslagballe wat om sy ore
fluit en suis.

Toe het 'n senukwaal hom,
soos voor elke spogbeurt,
aanhoudend in die maag gestamp,
hard soos 'n ystervuis.

Teen middernag het hy,
steeds in 'n beswyming,
die reën hoor spat,
hard op die dak,
soos 'n skare wat juig
en handeklap.

NAGRIT VAN 'N ONTWORTELDE
(Desdicado)

Groot-oog sit ek soos 'n uil
vasgevang tussen wiel en seil;
en terwyl 'n nagvoël deur die ligkol waaier
draai die vaak en tamheid al kwaaier
soos rotsskerwe in my oë tol,
totdat my alter-ego lol
en vra, op las,
van wie is ek nou eintlik
broer of gas?

OOMBLIK VAN PYN
('n Beseerde Atleet)

Tussen pistoolknal en wenpaal
het 'n slagyster iewers in my hard toegeklap,
my teruggeruk na oeslande
waar die somerson
wreed op moeë rûens hurk,
en waar ek as 'n knaap
met bolyf bruin en naak
die pyn gevoel het toe 'n vurk
viertand deur my gaffel.

STRAND
(Kersfees, Durban 1959)

Die sand en die see.
Die wit sand en die blou see,
EEN het jul aan die mens gegee,
naas mekaar,
soos 'n stukkie brood en 'n stortende koppie tee.

Die sand. Die wit sand. Jy!
Duisende sole vermink jou gety na gety,
en tog bly jy nog
deel van die mosaïek van die sand en die see.

Die see. Die blou see. Jy!
Wit ruiters spoor jou aan
terug na die sand — die wit sand —
wat jy leen en gee.

Die sand en die see
is stom oor Hom
wat sedert lank geleë
Die Lewe aan die mens terug wil gee.

Die wit sand en die blou see.
En 'n seemeeu wat eentonig skreeu,
as brandwag draai
oor die wit sand en die blou see.

TWYFEL VAN DIE UITDAGER

Hierdie beurt is my gegun
om 'n honger klag
diep uit my hart te skil,
'n Jare-oue troetelkind
tot mondigwording aan te vul.

Maar nou, nou voordat ek die strydkamp
moet betree,
voel ek skielik oud, en kruip daar 'n stywe stramheid
in my tree,
want dalk sal in hierdie nag
die spieëlbeeld van my eie krag
aan skerwe spat
soos glas voor hael.

INNAMORATA

Jy is nie meer 'n kind,
want in jou lag
en stil vermoë om alles te betrag,
het ek jou liggaam en gees gevind
heg saamgegerf,
as teken van:
Jy is nie meer 'n kind.

SOUL ERASMUS SMIT:

V.P.

Gebrek aan ondernemingsgees!

Dis wat vandag opval in die Afrikaanse boekmark. Orals waar jy kyk, is dit net die ou gebaande weë wat jy sien, vandaar die muwwe lusteloosheid wat jou teenwaai uit ons boekewêreld. Enkele van die jonger sake en hier en daar een van die oueres probeer om deur hulle publikasies lewe in die spul te blaas, maar doodsbenoud sit die meeste om dieselfde ou-ou vuur om die hitte van verdoofde kole op te vang: versamelwerke, populêre roman- of boekeskemas, skooluitgawes wat reeds drie tot vyf jaar vooruit gekies en by die duisendtal in kelders opgestawel lê op wag na die bevrydende woord van die voorskrywende liggame. Elke uitgewer sit eenkant met sy eie broodjie, te angsvallig dat iemand anders van die krummels kan optel wat afval.

Kyk, roman- en boekeskemas en versamelwerke het 'n eie onmisbare waarde, maar ons moet onthou dat die krag van die ketting bepaal word deur die swakste skakel daarvan. Hierdie skemas rig hulle in alle lande ter wêreld, en ook by ons, tot die intelligensie en die smaak van die breë volksmassa, d.w.s. sekere norme van artisiteit en stofkeuse mag nie oorskry word nie, anders verlaat die lesers die skema net soos swerms somerswawels vir wie die klimaat van die winter te hard is om te verduur — 'n klimaat waarvoor hulle net nie toegerus is nie. Gewone romanskemas moet hulle hou by die gemiddelde, by verhale van huweliksontrou-skietendonder-tammeletjies sentementiek. Vir wie hulle bedoel is, het hulle sekerlik vermaaklikheidswaarde, maar as sulke romanskemas die patroon van ons boekmark moet vaslê, is hulle gevaarlik omdat hulle nooit nuwe lewe in die skeppende en bevrugting van die volkslewe sal teweegbring nie. Dis net so gevaarlik en stollend as wanneer die romanpatroon van 'n volk se letterkunde bepaal word deur die behoeftes van die skoolgaande jeug — so onvolwasse propertjies! Mens moet goed begryp: die skoolboeke en tammeletjie sentimentiek is albei nodig en 'n letterkundige daarsonder is onvolledig toegerus vir sy taak om 'n hele volk in al sy geledinge van leesstof te voorsien. Solank as ons net daarby onthou dat geen volk net uit volwassenes bestaan nie.

Hoe hierdie dinge en die toespitsing daarop 'n gesonde bloei van die Afrikaanse boek en boekmerk belemmer, word nie altyd besef as 'n mens nie soms by ander gaan afkyk

en as jy nie soms in jou eie land agter die skerms gaan loer nie. By ons is dit bv. 'n gangbare opvatting dat „goedkoop" boeke, na hulle inhoud alleen in aanmerking kom om „goedkoop" uitgegee te word — (behalwe dan wanneer in die romanskemas die ligste stof dikwels deur luukse bande vermom word) — en dan beteken *goedkoop*-uitgee meesal onversorg, onaantreklik, onsmaaklik, terwyl die werklik goeie-boek-na-inhoud buite die bereik bly van die onbemiddelde leser. So iets as 'n kartonband of 'n slapband nadat 'n goeie roman sy eerste, en gewoonlik enigste, druk beleef het, kom net nie by ons voor nie. As jy op reis wil gaan en jy kom by 'n boekstalletjie, dan moet jy darem baie, baie in die nood wees om die slapbandjies in die gesig te kyk wat jou so hoopvol uit die rakke aanstaar. Kom ons kyk wat die Vlaminge doen. Onlangs het 'n sestiental sogenoemde *Vlaamse* Pockets (verkort tot *V.P.*) my bereik, keurig versorg na letter en slapband en bandontwerp, alhoewel klaarblyklik goedkoop. Maar onder die sestien is werk van Lode Baekelmans, Cyriel Buysse, Ernest Claes, Bert Decorte, Guido Gezelle, August van Cauwelaert, Hugo Verriest, Lode Zielens, Johan Daisne, Edward Vermeulen, Gerard Walschap. Die wat kennis dra van die Belgies-Vlaamse kultuurwêreld sal weet dat ons hier te doen het met van die beste geeste uit daardie wêreld, oud en jonk, en dit dek prosa, poësie, reisverhale, literêre kroniek, musiek en skilderkuns. En dit is maar díe begin. Die reeks beloof boeke van blywende betekenis op die gebied van die literatuur, skone kunste, wetenskap, geskiedenis, ekonomiese wetenskappe en folklore.

Gaan ons nou soek in Afrikaans wat om daar teenoor te stel, dan staan ons volslae met leëhande. Ja, ons het weelderige werke in die duur groep, maar iets wat gelyk staan aan hierdie V.P. wat betref tipografiese en grafiese afwerking, die goeie goedkoop boek wat die beste op bevredigende wyse bring aan Jan Alleman, bestaan by ons net nie.

Wat meer is, as iemand vandag 'n studie wil maak van die *goeie* Afrikaanse romans wat vóór sê 1955 verskyn het, moet hy hom wend tot 'n museum om dié werke te sien te kry. Die gewone lesers weet nie van hulle bestaan nie omdat hulle nie in druk is of heeltemal buitekant sy bereik gehou word.

Laat ons nie onder die illusie verkeer dat ons hier weer 'n jeremiade het oor Afrikaans-dit en Afrikaans-dat nie. Skrywer is wel deeglik op hoogte van al die verdienstelike dinge wat in en vir Afrikans op die gebied van die boek verrig is, en dis inderdaad byster baie as ons al die omringende om-

standighede in aanmerking neem. Daar word slegs betoog dat die ondernemingsgees in ons boekwêreld skynbaar gaan lê het, dat verkeerde oorwegings toegelaat word om ons boekepatroon vas te lê, en dat die lug daardeur so stadigaan 'n bietjie muwwerig word. Daar is drasties vernuwing nodig en ons ondernemende uitgewers moet toesien dat dit kom.

Laat ons 'n voorbeeld noem van hoe ons eie optrede met romanskemas en partikuliere sakies besig is om die gesonde bloei van die Afrikaanse boek as handelsproduk te strem, indien nie heeltemal onaantreklik te maak nie. 'n Hele paar uitgewers hou romanskemas daarop na, skemas wat oor die algemeen lig is, en wat deur middel van posbestelling en koeranterekiame behartig word. Hierby moet gereken word dié nasionale tydskrifte wat by elke aflewering 'n volledige roman insluit in die vorm van 'n spesiale deel van die tydskrif wat uitgelig kan word of 'n sg. bêreboekie. Daarnaas kom die uitgewers van gespesialiseerde christelike lektuur wat ook op 'n spesiale manier bemark word. Sodoende word aansienlike gedeeltes van die Afrikaanse boekeproduksie buitekant die handelswêreld om bemark, en wat meer is, hulle word onttrek aan die normale deskundige beoordeling. Dit beteken dat die Afrikaanse boekhandel „afgeroom" word op 'n wyse wat die boekhandel en die Afrikaanse boek as algemene handelsartikel beskadig. Onlangs het ek die geleentheid gehad om amptelik vertroulik insae te hê in 'n reeks voorlesings wat 'n groot boekhandelsaak versprei onder sy werknemers om hulle op te lei vir die boekhandel en om agterna aan hulle diplomas uit te reik. 'n Deel van hierdie voorlesings handel oor die inrigting van kleiner voorstedelike boekwinkels — waarvan daar honderde bestaan, en die uitstalling van hulle koopware, asook die aankoop van voorrade. In daardie voorlesings staan uitdruklik dat aan Afrikaanse boeke slegs die geringste voorraad aangehou moet word omdat daar uit die kopers-publiek weinig aanvraag sal kom, want dié boeke word deur ander kanale versprei, wat die normale aanvraag verminder. Daarby word gesê dat die Afrikaanse boeke liefs in 'n onvoordelige hoekie, in 'n kas agter 'n deur of so iets, gehou moet word, omdat opvallende uitstalruimte nuttiger gebruik kan word vir die soort boeke wat hulle self verkoop as die lesers hulle net maar te sien kry. Verder staan in die voorlesing dat dit 'n nodelose verspilling van kapitaal is om Afrikaanse goedsdienstige werke in voorraad te hou, want die behoeftes van die kopers word volledig deur ander kanale versorg. Op hierdie bewerings kon ek geen kom-

mentaar lewer nie, want ek wis toe al dat dit waar is.

Dit kom dus daarop neer dat ons, deur ons eie optrede, besig is om die Afrikaanse boek as algemene en gewilde handelsproduk wat in aanvraag is by die eienaars van boekwinkels verdag te maak. Met groot opoffering en inspanning sorg ons dat daar boeke is, en dan gaan ons heen en vir private voordeel alleen vernietig ons die handelswaarde van ons eie produkte. Terwyl dit so is dat ons aan Afrikaanse kant ongetwyfeld die grootste werklike boekeproduksie in die land het, het elkeen van ons tog vingers te veel om die aantal geslaagde Afrikaanse boek*winkels* te tel. Met boekwinkel bedoel ek hier nie 'n dakkamertjie, of iewers op die tiende verdieping nie, maar 'n gelykvloerse winkel op straat waar 'n normale leser binnegelok word deur die uitgestalde ware in die venster op die rakke. Van hierdie boekwinkels is daar net enkeles dwarsdeur die land en elkeen van hulle is tien werd van die weggesteekte boekwinkels wat net skemas bedien deur middel van die pos. En omdat daar so min is van hulle soort, is die Afrikaanse boek, die Afrikaanse skrywer, die Afrikaanse letterkunde en die Afrikaanse kultuursaak armer as wat hy moet wees.

Ons moet goed begryp: in 'n moderne kultuurland is die gedrukte woord die enigste sleutel tot voortbestaan en vooruitgang, en die toestand van die Afrikaanse boekmark spel vir die voortbestaan van Afrikaans as kultuurdraende taal onheil in die heel naaste toekoms.

By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

D.A.T.

DIE VLUG

Waarheen, o God, waarlangs?
Die vlug, die angs . . .

KUNSTENAARSIEL

Swart lê jy in
die selle geanker. 'n Herfslied
omspoel jou soos
geelgrou serum, en pers die verdriet
van menswees al sterker,
al feller jou ingewand' in,
totdat jy hulp-loos gekerker
jou stomheid met woorde verruil.

Oor Boeke

Bartho Smit: DON JUAN ONDER DIE BOERE; Human en Rousseau, Kaapstad, 1960; 71 bladsye; prys 12/6.

Bartho Smit se nuwe toneelstuk speel om die persoon van 'n plattelandse „Don Juan" in die dae van die Republiek af. Die skarrelaar word deur die moeders van sy slagoffers afgeransel en hy probeer die vaders as bondgenote betrek maar slaag nie daarin nie. Uiteindelik speel hy twee nooiens teen mekaar af en word tot 'n verlowing gedwing — maar of hy dit as 'n blywende verbintenis beskou, is nie mooi duidelik nie.

Die stuk speel in drie tonele af. Die eerste twee duur maar 'n paar minute elk en die derde wat baie langer is as die ander twee saam, probeer die verskillende drade saamtrek en by 'n klimaks uitkom. Die bou is onbevredigend: daar is te veel kom en gaan van persone, die waarskynlike word erg gerek en die slot sak heeltemal in.

Die burlesk het handuit geruk en die gevolg is dat 'n mens in feitlik nie een van die karakters kan glo nie. Een of twee van die ou ooms — oom Tienie en oom Sakkie — het iets geloofwaardigs in hulle samestelling, maar die tantes en hulle dogters word só enkelvoudig gesien dat hulle in die karikatuuragtige bly steek. Selfs die hoofkarakter word só eensydig geskets dat daar van nuansering in sy persoonlikheid weinig sprake is. Dis 'n vraag of die skrywer ons simpatie of ons veragting vir hom wil wek. 'n Toon van „onrealiteit" bly die hele stuk deurtrek.

Kwasi-erns, geestigheid en kwinkslae wissel mekaar af. Die stuk het bepaald gang en vaart en goeie regie sal die koddighede kan beklemtoon en die histeriese en opgeskroefde aspekte kan temper. As klug het dit baie lagwekkende elemente, maar 'n sintetiese kyk op die komiek en humór van die lewe het *Don Juan onder die Boere* nie gebring nie.

ERNST VAN HEERDEN

Marcel R. Breyne: HET LIED DER KARAVAAN. Uitg. Lannoo, Tielt, 1960. 72 blz.

Deze verzenbundel, geïllustreerd door Leo Vandenauweele, verscheen naar aanleiding van 's schrijvers zeventigste verjaardag. Hij bevat een vijftigtal gedichten, die mogelijk in verschillende perioden ontstaan zijn, maar toch door een vaste eenheid, zowel naar de vormgeving als naar de inhoud, gekenmerkt worden.

Het zal straks 50 jaar geleden zijn dat Breyne in 1912 met een Bijbelspel en een poëziebundel, ingeleid door Cyriel Verschaeve, gedebuteerd heeft. Onder zijn schuilnaam Bertholf Biekens, heeft hij toen een vlugge bekendheid verworven. Tijdens de eerste wereldoorlog en de daarop volgende jaren zijn nog gedichten en zelfs fragmenten van een modern mysteriespel van zijn hand verschenen, maar inmiddels had Breyne zijn geboorteland verlaten om aan de universiteit van Berlijn Nederlands en Afrikaans te doceren. Die verwijdering uit Vlaanderen, samen met het wetenschappelijke werk dat hem volledig opeiste, maakte dat hij als dichter ging zwijgen, tot ons na de tweede wereldoorlog enige gedichten van hen onder ogen kwamen, waaruit bleek dat hij in

Zuid-Afrika verblijvend, tot de kunstenaarsbedrijvigheid van zijn jeugd teruggekeerd was.

De tijd schijnt, ondanks alle veranderingen in de smaak die hij voortgebracht heeft, zonder sporen nagelaten te hebben, aan Breyne voorbijgegaan te zijn. De poëzie uit *Het Lied der Karavaan* kon evengoed uit 1910 als uit 1930 of 1950 dateren. Vooreerst wegens haar traditioneel karakter. Zij is in strofen geschreven, met inachtneming van het metrum, en kent ook het eindrijm. Verrassende beelden en taalvondsten hoeft men er niet in te zoeken. Die vaststelling brengt ons tot het formuleren van een tweede kenmerk: de lyriek van Breyne is in de eerste plaats en bijna niet anders dan belijdeniskunst. Die eigenschap heeft ze gemeen met bijna alle Vlaamse poëzie, die bij de aanvang van deze eeuw uitgekomen is.

Breyne zingt over zijn land van herkomst, zijn natuur, zijn strijd en geloof. Ontroerend is de trouw waarmede hij nog zijn jeugdidealen aankleeft, als hij zich tot de jonge mensen richt om hen tot een mannelijk leven in dienst van waarheid en schoonheid op te wekken. Een vrij grote ruimte nemen ook de godsdienstige bespiegelingen in. Waar alles sterft en verdwijnt, blijft hem het vooruitzicht op een eeuwig leven een bron van zekerheid en vreugde. In de grond is zijn kunst een uiting van geloof en optimisme. De vertolking van zijn levenswerkelijkheid is voor de dichter belangrijker dan de artistieke schepping geweest. Wie daarmede rekening houdt, zal door zijn poëzie de vreugde genieten, die een open ontmoeting met een echt en eerlijk levende mens kan opleveren.

ANDRE DEMEDTS

Datei: URE MET HORINGS, 118 bls., illust. deur Katrine Harries. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1960.

Hierdie vertelling oor „'n dag in die lewe van 'n vrou," is geskrywe deur 'n vroeg-ontslape kunstenaar wat van sy jeug af pyn en lyding moes verduur. Soos dit meer male in die lewe gaan, is dit sulke mense wat die koddige van die klein insidentjies in die lewe leer raaksien en waardeer as 'n middel om die eie leed te verdra sonder 'n enkele klag of 'n enkele verwysing daarna.

Die uitgewer kondig dit aan as 'n baie snaakse boek oor 'n onstuimige dag — prikkelend, geestig, gulhartig. 'n Boek vir elke huisgesin.

S.E.S.

Boeke Ontvang

1. Werner Bergengruen: *Die Spaanse Roosboom,* vertaal deur Alba Bouwer, Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1960, 9/6.
2. Roy Campbell: *Poems of —;* chosen and introduced by Uys Krige. Maskew Miller, Cape Town, 1960, 10/6.
3. Robert de K. Pennendreff: *Ek en die Vierkleur;* Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1960, 14/-.
4. A. du Biel: *Die Misdade van die Vaders;* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1960, 11/-.
5. Heinz Graaf (in medewerking met J. de Belder/J. Vercammen): *Flämische Lyrik;* Max Hueber Verlag, München, 1960.
6. W. O. Kühne: *Huppel by die water* (5e v.d. reeks); Tafelberg - uitgewers, Kaapstad, 1960, 5/9.
7. Jos Vandeloo: *De Muur;* A. Manteau, Brussel, 2e dr. 1960.
8. Dr. J. Hulsker: *Wie was Vincent van Gogh?* Beet Bakker, Den Haag, 1958.
9. L. M. Newton: *Faraway Sandy Trails;* Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1960, 15/9.
10. Uys Krige: *Ballade van die Groot Begeer e.a. Gedigte.* A. Balkema, Kaapstad, 1960, 15/-.
11. Prof. P. J. Nienaber: *Perspektief en Profiel,* 'n geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde, (met medewerking van 18 gesaghebbendes). Afrikaanse Pers, Johannesburg, tweede, hersiene uitgawe, 1960; 36/6.
12. Prof. G. Dekker: *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis;* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 5e om- en bygewerkte druk 1960; 35/-.

AFRIKAANSE SKRYWERSKRING SE JAARVERGADERING

Skrywersaangeleenthede

Vanjaar se hoofbestuursvergadering is in Stellenbosch gehou, op 22 September. Die volgende afgevaardigdes was teenwoordig: Prof. Abel Coetzee (voorsitter — Johannesburg), prof. G. P. J. Trümpelmann en dr. F. C. Fensham (Stellenbosch), dr. H. J. Terblanche (Pretoria), mev. Dricky Beukes en mnr. Gert Pretorius (Durbanville-Bellville), mev. H. C. Theunissen en dr. J. Kromhout (Johannesburg), Verskonings is ontvang van prof. D. F. Malherbe (Bloemfontein), prof. H. L. Swanepoel (Potchefstroom — die voorsitter, mnr. André Brink, is tans in Frankryk), en van dr. P. D. Swart (Johannesburg).

Die nuwe bestuur is prof. Abel Coetzee (voorsitter), dr. P. D. Swart (sekretaris) en dr. J. Kromhout (penningmeester). Weer eens is die voorsitters van die verskillende werkgemeenskappe aangewys as ondervoorsitters van die Hoofbestuur.

Die erelidmaatskap is aangebied aan prof. D. F. Malherbe, dr. P. C. Schoonees en dr. J. Kromhout.

Die onderskeie werkgemeenskappe gee kennis van nuwe lede, wat so bekragtig word deur die Hoofbestuur: mnr. Thys van Lille en mnr. L. Schultz (Johannesburg), mev. J. M. Blignaut (Pretoria) en dr. T. N. Hanekom, dr. J. J. Heerema, prof. F. V. Lategan en mnr. C. Pama (almal van Stellenbosch).

Die vernaamste beskrywingspunte het te doen gehad met die bekroning van letterkundige skeppingswerke, die bevordering van die Afrikaanse boek en geskrif, die „aanneem" van skrywers deur opvoedkundige inrigtings, en die konsepwet rakende sensuur. Nadere besonderhede word later vyrgestel. Ook word binnekort 'n uitvoerige memorandum aan alle lede beskikbaar gestel bevattende die doelstellings van die Skrywerskring, sy werksaamhede, sy voordele en sy geldelike verpligtings, onder meer die Harm Oost- en die Eugène Marais-gedenkfonds.

Die komitee wat die vyfjaarlikse prys van die Skrywerskring moes aanwys, vir die belowendste debuutwerk in die jare 1955 tot 1959, het die prys eenparig toegeken aan Peter Blum. Die komitee het bestaan uit dr. P. C. Schoonees (saamroeper), proff. F. E. J. Malherbe en W. du P. Erlank. Die vorige toekenning is gemaak aan H. S. van Blerk.

Hierdie aankondiging is gedoen tydens die openbare simposium wat op die aand van die 22ste gehou is, wat besonder goed bygewoon is. Die verrigtinge is begin deur prof. Abel Coetzee, wat in sy voorsittersrede uitvoerig geantwoord het op 'n onregverdige aanval van mnr. Alan Paton op die Afrikaanse romanskrywers. Daarna het opgetree mnr. W. A. de Klerk en dr. P. J. Conradie, met as tema die vervlakking van ons leesstof en die drama onderskeidelik. Prof. F. E. J. Malherbe het die bedankingswoord gelewer.